# ISLAM IS...

'n Inleiding tot die Leerstellings en beginsels

AFRIKAANS



'n Geloof van regverdigheid, vrede, genade en vergifnis.

# INHOUD

VOORWOORD 2

1. Wat is Islam........................................................ 2
2. Monoteisme..........................................................4
    * Een-heid van God in Sy Heerskappy (Almag ) .................. 4
    * Die toewyding van aanbidding aan Een God Alleen.......... 5
    * Uniekheid en Eenheid van God, Sy Name en Eienskappe .... 8
3. Die ses Artikels van Geloof ............................................... 10
    * Geloof in God .................................................................. 10
    * Geloof in Sy Engele .......................................................... 10
    * Geloof in Sy Skrifte .......................................................... 10
    * Geloof in Sy Profete en Boodskappers ........................... 11
    * Geloof in die Dag van Rekenskap .................................... 14
    * Geloof in Goddelike Verordeninge .................................. 16
4. Die Vrye Wil van die mens ................................................ 16
5. Daar is geen Dwang in Geloof nie ...................................... 17
6. Die Vyf Pilare van Islam .................................................... 17
    * Die Geloofsbelydenis (Shahadah)........................................ 18
    * Die Vyf Daaglikse Gebede (Salaah)...................................... 19
    * Die Jaarlikse Porsie vir die Armes (Zakaat)...........................20
    * Vastingtydens Ramadaan (Sawm)...................................... 20
    * Die Pelgrimstog na Makkah (Hajj).......................................21
7. Die Qur'an.................................................................................22
8. Die Profeet Muhammad(MagVrede met hom wees)ensy Sunnah................................................................................ 25
9 Die Gevare van Onaanvaarbare Toevoegings (Bid'ah).............26
10. Die Verhaal van Adam en Eva.............................................. 28
11. Jesus (Mag Vrede met hom wees)....................................... 30
12. Sonde en Berou...................................................................... 32
13. Die Organisatoriese strukture van Islam............................... 34
14. Islamitiese Wet (Shari'ah)......................................................35
15. Voorgeskrewe Kleredrag in Islam......................................... 37
16. Vroue in Islam...................................................................... 38
17. Manlike Chauvinisme in die Muslim Geledere........................ 40
18. Islam, Oorlog en Jihad......................................................... 42
19. Wetenskap en Tegnologie .......................................................48
20. Fundamentalisme en Terrorisme.............................................50
21. Opsomming.............................................................................53
22. Brief van die redakteur........................................................ 55

## VOORWOORD

Die doel van hierdie boek is om die oorspronklike leerstellings van Islam voor te stel aan die leser. Ons verteenwoordig geen spesifieke weergawe of unieke interpretasie van Islam nie. Ons bied Islam aan soos dit is, sonder enige mooipraatjies, sodat dit op eie meriete beoordeel kan word.
Daar is slegs een Islam, en slegs een voorbeeld van hoe dit uitgeleef moet word, en dit is die voorbeeld van die Profeet Muhammad (mag vrede met hom wees).

Dit is ons voorneme om 'n basiese oorsig te verskaf van die hoof leerstellings van Islam soos uiteengesit in die Qur'an en soos uitgeleef deur die Profeet*P*[1]. Ons voorneme is ook om van die mees algemene vrae aangaande Islam te beantwoord.

Ten spyte van die feit dat meer as een vyfde van die wêreld se populasie Muslims is, word Islam dikwels misverstaan en is daar dikwels 'n wanvoorstelling daarvan in die hedendaagse Westerse gemeenskappe. Daar word gehoop dat hierdie werk lig sal werp op Islam, soos wat dit deur middel van Goddelike Kommunikasie geopenbaar was aan Muhammad*P*, en dat dit vir eens en vir altyd alle algemene wanbegrippe sal verdryf wat slegs lei tot die voorbestaan van vooroordele en haat.

Ons skryf hierdie boekie in die hoop dat mense van alle geloofsoriëntasies by ons sal aansluit in ons pogings om hierdie wêreld 'n plek van verdraagsaamheid, vriendelikheid, verstaanbaarheid en vrede te maak.

## 1. WAT IS ISLAM?

Die Arabiese woord "Islam" beteken letterlik "oorgawe" of onderworpenheid".

---

[1]Die simbool *P* beteken "Mag Vrede en Seëninge met hom wees/ hulle wees." Dit is 'n Islamitiese tradisie om die Vrede en Seëninge van God af te bid op al die Profete en Boodskappers van God. Om respek te toon aan die verteenwoordigers van God, is om God te respekteer.

Islam, as geloof, beteken algehele en opregte oorgawe aan God sodat 'n mens in vrede en rustigheid kan leef. Vrede (Salaam in Arabies, en Shalom in Hebreeus) kan slegs bereik word wanneer 'n mens aktief gehoorsaam is aan die geopenbaarde gebooie van God, want God is *Die Regverdige, Die Vredevors.*

Die naam ISLAM[2] se betekenis is universeel. Islam is nie vernoem na 'n stam, 'n volk of 'n individu soos wat Judaïsme (Joodse geloof) vernoem is na die stam van Juda, Christendom vernoem is na Christus, en Buddhisme vernoem is na Buddha-nie. Islam is nie 'n naam wat gekies is deur mense nie; dit was geopenbaar deur God. Islam is 'n universele geloof en is nie gebonde aan Oos of Wes nie. Islam is 'n algehele lewenswyse wat totale oorgawe en onderwerping aan God impliseer. 'n Persoon wie homself of haarself geheel en al, vrywilliglik[3], oorgee aan die Wil van God, word 'n Muslim genoem.

Dit was nie Muhammad<sub>P</sub> nie, maar Adam<sub>P</sub> wie die eerste keer Islam verkondig het aan die mensdom. Daarna het al die ander Profete en Boodskappers<sub>P</sub> die mens aangemaan tot 'n duidelike begrip van God se gebooie. Elkeen het 'n leerstelling verkondig wat van toepassing was op die mense van daardie spesifieke tyd, totdat God Sy finale Profeet, Muhammad<sub>P</sub>, gestuur het met die Laaste Testament – die Qur'an.

***ALLAH*** is 'n Arabiese woord wat "Die Unieke en Enigste Ware God" beteken, en is die geskikte naam van *Die Een* wie die hemele en die aarde geskape het. **Selfs Arabies-sprekende Jode en Christene verwys na God as *ALLAH*.** Vir 'n Muslim is die woord ALLAH die mees inklusiewe naam van God, wat verwys na *DIE EEN* Wie vereer word in aanbidding – *DIE EEN* Wie *Die Skepper* is van alles wat bestaan.

---

[2]Party Muslims is ongemaklik met die feit dat daar verwys word na Islam as 'n "geloof" omdat Islam nie 'n geïnstitusionaliseerde geloof is nie. In Arabies word daar na Islam verwys as 'n DEEN d.w.s. 'n Lewenswyse. Dit is dieselfde as die vroeë Christene wie ook na hul geloof verwys het as "Die Weg."

[3]Vrywillig beteken sonder om gedwing te word. Dit beteken oorgawe aan God, sonder bybedoelings of bedenkinge. Dit is dus 'n opregte, heelhartige oorgawe.

## 2. MONOTEÏSME

Die konsep van monoteïsme (bekend as Towheed in Arabies) is die mees belangrike basiese begrip in Islam. Monoteïsme verwys na die eerste van die tien Gebooie, en in Islam is alles gebaseer op die Een-heid van God. Islam waarsku die mens teen die aanbidding van enige deel van die skepping, en roep die mens tot die aanbidding van Die Unieke en Enigste Ware God. Geen aksie van aanbidding of eerbewyse sou enige betekenis of waarde hê indien die konsep van monoteïsme, selfs in die geringste mate, in twyfel getrek word nie.

As gevolg van die belangrikheid van die konsep van monoteïsme (Goddelike Eenheid en enkelvoudigheid) is dit belangrik dat dit baie duidelik verstaan moet word. Om die bespreking te vergemaklik, word Monoteïsme vanaf drie verskillende perspektiewe verduidelik:

- Die Een-heid van God in Sy Heerskappy (Almag)
- Die toewyding van aanbidding aan Een God Alleen
- Uniekheid en Een-heid van God, Sy Name en Eienskappe

Hierdie is beslis nie die enigste manier waarop die onderwerp van God se Een-heid en Uniekheid uiteengesit kan word nie, maar dit vergemaklik die ontleding van die onderwerp.

## 2(A). DIE EEN-HEID VAN GOD IN SY HEERSKAPPY (ALMAG)

Die Een-heid van God in Sy Heerskappy beteken dat God, *Die Ontwerper en Skepper van die Hemele en die Aarde,* absolute en perfekte Meesterskap het oor die Heelal. **Hy Alleen is die Skepper van Alle dinge.** Hy alleen veroorsaak alle gebeure. Hy is die Een Wie alle lewensmiddele verskaf, en *Die Een* Wie die lewe en die dood vasstel. Hy is *Die Almagtige, Die Aigebieder* - absoluut perfek en sonder enige gebrek. Geeneen deel in Sy Heerskappy nie. Niemand kan Sy gebod teenstaan nie. Hy is *Die*

*Een* Wie elkeen van ons uit 'n enkele siel geskep het, en ons gevormeer het tot dit wat ons is. Hy is *Die Een* Wie oor 'n honderd biljoen sterrestelsels geskep het asook elke elektron, neutron en elementêre deeltjie daarin. Hy is *Die Een* Wie alles wat bestaan en al die wette van die natuur in perfekte balans en mate hou. Nie 'n blaar val van 'n boom af sonder Sy toestemming nie. Van alles word daar 'n presiese opgawe gehou.

Hy is vêr verhewe bokant ons verbeelding. Dit is so maklik vir Hom om te skep. Sy Mag is so groot dat Hy slegs sê "Wees," en dit is. Hy is *Die Skepper* van tyd, spasie en alle bekende en onbekende wêrelde – tog het Hy geen deel aan Sy Skepping nie.

Die meeste gelowe erken dat *Die Skepper* van die heelal Een is, sonder deelgonoot. Islam Sluit hierby in die kennis dat God nie deel is van Sy Skepping nie, en dat geen een van Sy Skepping saam met Hom in Sy Almag deel nie. Indien 'n mens sou glo dat enige wese in die Unieke Mag of Eienskappe van God deel, sou dit in Islam beskou word as ongeloof en politeïsme (afgodediens). 'n Voorbeeld van so 'n valse geloofsopvatting is om bv. te glo dat 'n waarsêer of astroloog die toekoms kan voorspel.

God, Die Alwetende, sê onomwonde dat slegs Hy kennis oor die toekoms besit. Slegs die Goddelike kan Goddelike hulp verleen. Geen ander wese besit oor die vermoë om Goddelike hulp of leiding te verskaf behalwe God nie. Die geloof dat "gelukbringers" of 'n talisman enige krag besit is 'n vorm van politeïsme. Hierdie begrippe word verwerp in Islam.

## 2(B). TOEWYDING VAN AANBIDDING AAN EEN GOD ALLEEN

Slegs God, *Die Oordeelkundige*, mag aanbid word. Hierdie is die boodskap verkondig was deur al die vorige Profete en

Boodskappers<sub></sub>P wie deur die eeue heen deur God gestuur was. Dit is ook die kern geloof van Islam. Die **aanbidding van God Alleen** is die doel van die mens se skepping. Die doel van Islam is dus om die mens weg te wys van die aanbidding van die skepping, en om hom te rig op die aanbidding van *Die Skepper* alleen.

Dit is juis waar Islam verskil van ander gelowe. Alhoewel die meeste gelowe leer dat daar 'n Skepper is Wie verantwoordelik is vir die skepping van alles wat bestaan, is hulle selde vry van alle vorms van politeïsme (afgodediens) so vêr as wat aanbidding betref. Hiedie gelowe roep óf hul lidmate tot die aanbidding van ander wesens benewens God (deur gewoonlik hierdie ander gode op 'n laer vlak te plaas as God, *Die Skepper*), óf hulle roep hul lidmate daartoe om die bemiddeling van ander wesens in te roep, wie tussen hulle en God as bemiddelaars staan.

Al die Profete en BoodskappersP van God – vanaf Adam tot MuhammadP het die mens geroep tot uitsluitlike aanbidding van God Alleen – sonder deelgenoot of tussenganger. Hierdie is die suiwerste, eenvoudigste en natuurlikste geloof.

Islam verwerp die idees van kultuur-antropoloë dat die eerste geloof van die mens politeïsme was, en dat monoteïsme stadig daaruit ontwikkel het. Inteendeel, Muslims glo die teenoorgestelde. Die mens het verval tot politeïsme in die tydperke tussen die vele Boodskappers wat deur God gestuur was. Selfs terwyl die BoodskappersP onder hierdie volkere was het vele mense hul boodskappe teengestaan en het hulle hul gode aanbid ten spyte van die waarskuwings. Alle daaropvolgende Boodskappers was deur God gestuur om die mens terug te bring tot die aanbidding van Een God Alleen.

**God het die mens geskep met 'n ingebore, natuurlike geneigdheid tot die aanbidding van Hom Alleen.** Satan, daarenteen, doen alles in sy vermoë om die mens weg te draai van monoteïsme af, en verlei die mens sodat hy die skepping kan aanbid (afgodediens). Die meeste mense het die geneigdheid om hulself toe te wy aan iets wat hulle kan

visualiseer – iets waarvan hulle in hul gedagtes 'n prentjie kan skep – selfs al weet hulle dat *Die Skepper* van die heelal vêr bokant die mens se verbeelding verhewe is. Dwarsdeur die mens se geskiedenis het God Profete en Boodskappers[P] gestuur om die mens terug te roep tot die aanbidding van *Die Unieke en Enigste Ware God.* As gevolg van Satan se verleiding het die mens dikwels maar weer verval in die aanbidding van geskape wesens (afgodediens en politeïsme).

God het die mens geskep met die doel om Hom Alleen te aanbid. In Islam word die aanbidding van enige iets, of enige iemand buiten God as die grootste moontlike sonde aanskou. Selfs al is dit die aanbidder se doel om nabyheid aan God te kry deur eerbied aan die tussenganger te betoon, is dit 'n ontsaglike sonde. God, *Die Genoegsame,* het geen bemiddelaars of tussengangers nodig nie.
Hy is *Die Een* Wie al ons gebede aanhoor, en Hy is bewus van alles wat gebeur.

Terselfdertyd is dit belangrik om te weet dat God nie ons aanbidding nodig het nie. Hy is geheel en al onafhanklik van Sy Skepping terwyl Sy Skepping in geheel afhanklik is van Hom. Indien ieder en elke persoon in die wêreld sou saamstaan om God te aanbid, sou dit nie in die geringste mate tot enige voordeel van God wees nie. Dit sou nie in die geringste mate Sy Majestueuse Heerskappy vergroot nie. Daarenteen, al sou die mensdom in geheel daarvan afsien om God te aanbid, sou dit nie in die minste Sy Heerskappy verminder nie. Deur God te aanbid bevoordeel die mens slegs sy eie siel, en volbring hy die doel van sy skepping. God het niks nodig nie; Hy is *Die Ewige, Die Volmaakte.*

Aanbidding is nie net tradisionele geloofsplegtighede en gebruike nie. Die konsep van aanbidding is inklusief: Deur 'n baba se doek te ruil, vir jou ouers te sorg, of om 'n stukkie stukkende glas van die sypaadjie af te verwyder sodat niemand daarop kan trap nie – dit alles kan 'n vorm van aanbidding wees as dit gedoen word met die primêre voorneme om God daardeur te behaag. Indien enige materiële gewin – of dit nou rykdom, 'n

werksposisie, status, mag of bekendheid is, meer belangrik word as om God te behaag, word selfs dit as 'n vorm van afgodediens (politeïsme) beskou.

## 2(C).UNIEKHEID EN EENHEID VAN GOD (SY NAME EN EIENSKAPPE)

Die Uniekheid en Eenheid (Enkelvoudigheid) wat weerspieël word in die Name en Eienskappe van God is 'n duidelike aanduiding dat Hy nie **deel** in die eienskappe van Sy skepsels nie, en dat Sy skepsels ook nie **deel** in Sy Eienskappe en Name nie. God is uniek in elke opsig. Hy kan nie beperk word op enige manier nie, want Hy is *Die Skepper* van Alles wat bestaan.

God, *Die Allergrootste*, sê, *"God! Geeneen verdien om aanbid te word behalwe Hy nie, Die Ewiglewende, Die Een Wie die Beskermheer en Onderhouer is van alles wat bestaan. Nie sluimer of slaap oorweldig Hom nie. Aan Hom behoort alles wat in die hemele is en alles wat op aarde is. Wie is dit wat kan optree as bemiddelaar voor Hom, behalwe met Sy toestemming? Hy weet wat met hulle [Sy skepsels] gebeur in hierdie wêreld, en wat met hulle sal gebeur in die Hiernamaals. En hulle sal nooit 'n deel van Sy kennis besit, behalwe dit wat Hy toelaat nie. Die Voetstuk van Sy Troon strek uit oor die hemele en die aarde, en Sy Bewaking en Bewaring van hulle put Hom nie uit nie. En Hy is Die Allerhoogste, Die Oppergesaghebber."* [Qur'an Hoofstuk 2:255]

In Islam word dit verbeid om enige eienskappe of karaktertrekke wat aan die skepping behoort aan God toe te skryf. Die enigste eienskappe wat aan God toesgekryf mag word, is dit wat Hy Self aan ons geopenbaar het deur middel van die Qur'an, asook dit wat deur die Profeet<sub></sub>ᴾ gebruik was om Hom te beskryf. Baie van die Name en Eienskappe van God kom voor asof dit ekwivalente het op 'n menslike vlak, maar dit is slegs so omdat die menslike taal gebonde is aan menslike beperkinge. God se Eienskappe – net soos God Homself – is verhewe bo enige iets wat ons kan ondervind. Byvoorbeeld: God het Goddelike Kennis... die mens

het slegs kennis. God se Kennis kan nie vergelyk word met die mens se kennis nie. Sy Kennis is nimmereindigend. Dit verminder nie, en kan ook nie vermeerder nie. Hy is *Die Alwetende*. Sy kennis is nie aangeleer of verkry nie. Menslike kennis daarenteen, is altyd verkry, aangeleer en beperk. Dit vermeerder of verminder konstant en is onderworpe aan vergeetagtigheid en foutering.

God, *Die Onweerstaanbare*, besit Goddelike Wil. God se Wil geskied altyd, en net soos Sy Goddelike Kennis omvat dit alles wat gebeur in Sy Skepping – in die verlede, die huidige, asook die toekoms. Die mens het ook 'n eie wil, maar anders as die Wil van God bly die mens se wil maar eintlik net 'n voorneme of begeerte. Die mens se wil kan slegs geskied indien God dit sou toelaat.

Menslike eienskappe kan nie aan God toegeskryf word nie, want alle menslike eienskappe is beperk. God het geen swakhede of tekortkominge nie. God is verhewe bo die menslike eienskap van geslag. Die enigste rede waarom daar na God verwys word in die manlike vorm deur die voornaamwoord "HY" te gebruik, is omdat daar geen geslags-neutrale aanspreekvorm bestaan in die Engelse/Semitiese tale nie, en dit volg daarom die gebruike van die Engelse spreektaal.
Wanneer die Vorstelike "Ons" gebruik word in die Qur'an om na God te verwys, is dit sleg 'n aanspreekvorm van respek. Dit verwys nie in die geringste mate na die meervoud nie. Dit word beskou as 'n vorm van politeïsme wanneer die kwaliteite of eienskappe van die skepping aan God toegeskryf word. Dit word ook beskou as politeïsme wanneer daar Goddelike Eienskappe aan die skepping toegeskryf word.Byvoorbeeld: Enige persoon wie sou dink dat daar nog iemand naas God is wat *Die Alwetende* en *Die Almagtige* is, het homself skuldig gemaak aan die sonde van politeïsme.
*"Welgeluksalig is die Naam van u Heer, vol van Majesteit, Goedertierenheid en Eer."* [Qur'an Hoofstuk 55:78]

## 3. DIE SES ARTIKELS VAN GELOOF

Daar is sekere beginsels waarin 'n mens sonder twyfel moet glo om as 'n Muslim beskou te word. Hierdie "artikels van geloof" is as volg:

1. Geloof in God
2. Geloof in Sy Engele
3. Geloof in Sy Skrifte
4. Geloof in Sy Profete en Boodskappers[P]
5. Geloof in die Dag van Rekenskap
6. Geloof in die Goddelike Verordeninge

## 3(A).GELOOF IN GOD

Islam beklemtoon dat God *DIE EEN* is, en dat Hy geen deelgenoot het nie. *Die Allesomvattende* van alles wat bestaan. Hy is uniek in elke opsig. Slegs God, *Die Mees Mildadige*, besit die reg om aanbid te word.

## 3(B).GELOOF IN SY ENGELE

God het die Engele geskape. God, *Die Ontwerper*, het hulle uit geheiligde lig geskape. Hulle is magtige wesens en is ten alle tye gehoorsaam aan God se bevele.

God het aan die mens sekere Engele se name asook die take wat aan hulle opgedra is bekend gemaak. 'n Muslim moet glo in die bestaan van die Engele. Die Engele Gabriël en Michael is onder dié wie genome word in die Qur'an.

Dit is byvoorbeeld die Engel Gabriël se plig om die Heilige Skrifte wat deur God geopenbaar is aan die Profete en Boodskappers[P] oor te dra.

## 3(C).GELOOF IN SY SKRIFTE

Muslims glo in al die oorspronklike Skrifte wat deur God geopenbaar was aan Sy Boodskappers[P]. 'n Muslim moet glo in elke Skrif wat deur God genoem word in die Qur'an. God, *Die*

*Gewer,* het hulle geopenbaar en hulle was, in hul oorspronklike vorm, Sy direkte Woord. Die volgende Skrife word in die Qur'an genoem:

1. Die oorspronklike **Perkamentrolle** - geopenbaar aan Abraham$_P$
2. Die oorspronklike **Torah** – geopenbaar aan Moses$_P$
3. Die oorspronklike **Psalms** – geopenbaar aan Dawid$_P$
4. Die oorspronklike **Injeel** (Evangelies van Jesus$_P$)[4] – geopenbaar aan Jesus$_P$
5. Die **Qur'an** – geopenbaar aan Muhammad$_P$ (wat steeds beskikbaar is in die oorspronklike vorm.)

Muslims aanvaar NIE die geredigeerde vertalings en verskillende uitgawes van al die vorige Skrifte wat huidiglik in sirkulasie is as akkurate weergawes van die oorspronklike geopenbaarde Skrifture nie. Volgens die Qur'an het mense hierdie Skrifture verwring vir hul eie wêreldse gewin. Hierdie verwringings het op verskillende maniere posgevat. Daar is byvoorbeeld in sekere weergawes dele weggelaat of bygevoeg. Tydens vertalings het sekere taal verwringings ook plaasgevind wat die betekenis van dele uit hierdie Skrifte totaal verander het. Hierdie verwringings het oor 'n lang tydperk plaasgevind, en wat vandag beskikbaar is, is 'n vermenging tussen die oorspronklike, Goddelike teks en mensgemaakte vertolking en besoedeling.

Alhoewel Muslims in al die vorige geopenbaarde Skrifte glo, verkry hulle hul leiding, en neem hulle hul besluite, deur gebruik te maak van die finale geopenbaarde Skrif – die Qur'an, asook die betroubare tradisies van die Profeet Muhammad$_P$.

## 3(D).GELOOF IN SY PROFETE EN BOODSKAPPERS$_P$

Die Profete en Boodskappers$_P$ was individue wie openbaring ontvang het van God af en dit dan aan die mens oorgedra het.

[4] Die verskillende Evangelies in vandag se Bybel was geskryf na die tyd van Jesus$_P$ deur ander skrywers. Die INJEEL wat genoem word in die Qur'an verwys na die openbarings wat deur Jesus$_P$, die seun van Maria$_P$, self gekom het.

Hulle was aan die mensdom gestuur sodat hulle die mens kon terugbring na monoteïsme. Hulle het gedien as lewende voorbeelde van hoe die mens God met totale oorgawe moet dien, en het die mens gelei na die weg van saligheid.

Geen een van hierdie Profete of Boodskappers$_P$ deel in die Goddelikheid van God nie. Hulle was slegs mens. Dit is verbode vir 'n Muslim om een van hulle te aanbid. 'n Muslim mag nooit enige smeekbede tot hulle rig nie, en mag ook nie enige seën van hulle afbid nie. Om hierdie rede word die term "Muhammadanisme" as 'n belediging aanskou deur Muslims en moet dit beslis nooit gebruik word nie. Elke enkele Profeet en Boodskapper$_P$ van God het onomwonde verklaar dat aanbidding van 'n mens poleteïsme is. Enige persoon wie homself daaraan skuldig maak is beslis nie 'n Muslim nie.

Deur die eeue heen het God, *Die Skenker van Alles wat Goed is*, Profete$_P$ gestuur na alle nasies in hierdie wêreld. 'n Muslim moet glo in al hierdie Profete en Boodskappers$_P$ wat deur God gestuur was. In die Qur'an noem[5] God onder andere vir Adam$_P$, Noag$_P$, Abraham$_P$, Moses$_P$, Jesus$_P$ en Muhammad$_P$.

Al die Profete en Boodskappers$_P$ van God het die leerstellings van Islam gepredik. Dwarsdeur die geskiedenis van die mens word alle mense wie behoort aan 'n monoteïstiese geloof en hulself onderwerp aan die Wil van God, soos wat dit aan hulle bekend gemaak is deur Sy Profete en Boodskappers$_P$, as Muslims beskou.

Die aanspraak daarop om 'n erfgenaam van Abraham$_P$ genoem te word, word verkry deur die navolging van die monoteïstiese geloof wat deur hom verkondig was, en nie slegs uit afkoms nie. Toe Moses$_P$ sy Profeetskap verkondig het, het almal wie hom gevolg het bekend gestaan as Muslims. Op dieselfde wyse, toe Jesus$_P$ sy Profeetskap openbaar gemaak het deur vele tekens en wonderwerke, was dit verpligtend vir almal om hom te aanvaar

[5]Die Profete wie genoem word in die Qur'an is: Adam, Henog, Idris, Noag, Hud, Salih, Abraham, Lot, Ismael, Isak, Jakob, Josef, Shu'ayb, Job, Moses, Aäron, Esegiël, Dawid, Salomo, Elia, Elisa, Jona, Sagaria, Johannes (die doper),en Muhammad$_P$.

en te volg indien hulle as Muslims geken wou wees. Al die mense wie Jesus*P* verwerp het, het ongelowiges in Islam geword as gevolg van hulle verwerping[6].

Indien 'n mens enige van God se Profete of Boodskappers*P* sou verwerp, diskwalifiseer dit jou dadelik as 'n Muslim. Daar word van Muslims verwag om alle Profete en Boodskappers*P* te respekteer en lief te hê. Almal van hulle het die mens geroep tot die aanbidding van *Die Skepper* alleen, sonder om enige deelgenote aan Hom toe te skryf. Almal van hulle het hulself geheel en al onderwerp aan God – dit is Islam.

Al die Profete, van Adam tot Muhammad*P*, was broers in geloof. Hulle het die mens tot dieselfde waarheid geroep. Verskillende Boodskappers*P* was gestuur met verskillende Wette wat deur God geopenbaar was om aan die mense leiding te verskaf en hulle te beheer, maar die kern van hul boodskap was dieselfde. Hulle het almal die mens weg geroep van die aanbidding van die skepping, en geroep tot die uitsluitlike aanbidding van *Die Skepper, Die Oppergesaghebber.*

In Islam word Muhammad*P* beskou as die finale Boodskapper van God en die seël op al die Profete. Die rede hiervoor is, eerstens, omdat God Sy Openbaringe aan die mens voltooi het en dit vir ewig bewaar het in die Qur'an, en tweedens, omdat Sy finale Profeet en Boodskapper*P* 'n ongelooflike voorbeeld uitgeleef het deur die loop van die drie en twintig jaar van sy Profeetskap, wat vir alle toekomstige geslagte as 'n duidelike riglyn sal kan dien.
God sê duidelik in die Qur'an dat geen ander Profeet of Boodskapper weer gestuur sal word na Muhammad*P* nie. Hierdie is die rede waarom Muhammad*P* beskou word as die seël op al

[6]God het aan Muhammad*P* geopenbaar: "*Dieselfde geloof het Hy vir u opgerig as dit wat Hy Noag mee beveel het, dit wat Ons aan u gestuur het deur inspirasie, en dit wat Ons beveel het aan Abraham, Moses en Jesus: Naamlik dat u standvastig moet bly in u geloof, en geen verdeeldheid daarin moet skep nie. Aan die wie enige iets anders as God aanbid – moeilik is die weg waarna u hulle toe roep. God kies vir Homself diegene wie Hom behaag, en lei na Homself toe diegene wie na Hom toe draai.*" [Qur'an Hoofstuk 42:13]

die Profete[7]. Dit beteken dat die Goddelike Wet wat geopenbaar en verpersoonlik was deur die leerstellings van die Profeet Muhammad$_P$, geldig sal bly vir die hele mensdom tot en met die Dag van Opstanding (Die Oordeelsdag).

Om geken te word as 'n gelowige is dit verpligtend om te glo in Muhammad$_P$ en in die Wette wat deur hom geopenbaar is, sowel as in al die Profete en Boodskappers$_P$ van God wie hom vooruit gegaan het. Muhammad$_P$ en al die Profete en Boodskappers$_P$ voor hom moes ook glo in *Die Almagtige* God, hulself geheel en al onderwerp aan Hom, en aan Hom gehoorsaam wees. Alhoewel Muslims in al die Profete en Boodskappers$_P$ van God glo, volg hulle die leerstellings van die finale Boodskapper, Muhammad$_P$, en streef hulle sy voorbeeld na. God meld aangaande Muhammad$_P$, "En Ons het u nie gestuur, behalwe as 'n genade aan die wêrelde nie." [Quran Hoofstuk 21:107]

## 3(E). GELOOF IN DIE DAG VAN REKENSKAP

'n Muslim moet sonder enige twyfel glo in die Dag van Rekenskap en in die fisiese Heropstanding, wanneer die liggaam van die mens herskep sal word, en die siel daarmee herenig sal word deur die Oneindige Mag van God. Net soos wat God, *Die Vergaarder van die Mensdom*, ons die eerste keer geskep het, is Hy verseker *Die Opwekker* wat ons weer sal terugroep uit die dode sodat ons in perfekte Rekenskap voor Hom te staan sal kom. Na die Dag van Rekenskap sal die dood nie meer bestaan nie, en ons voorbestaan sal ewigdurend wees.

Die Dag van Rekenskap is wanneer elke individu te staan sal kom voor *Die Skepper*, en ondervra sal word aangaande sy werke. Op daardie Geweldige dag sal ons almal in die fynste besonderhede sien wat die uiteinde is van elke goeie en elke sondige daad wat ons vooruit gestuur het in ons lewe. Op daardie dag sal leuens en bedrog nie meer moontlik wees nie.

---

[7] Party Muslims verwys na die volgende teksverse uit die Bybel as steun vir die profesie van die koms van Muhammad$_P$: [Deut. 18:15; 18:18; Joh. 1:19-21; 14:16&17; 15:26; 16:7&8; 16:12&13]

Die uiterste beloning is die Paradys en die straf is die Hel. Beide die Hemel en die Hel is fisiese plekke wat bestaan en NIE vergelykings, geestelike toestande of abstrakte konsepte nie.

God, *Die Erkenner en Beloner van Goed*, beskryf die Paradys (Hemelse Tuin) as 'n wonderbaarlike plek van geluk, gevul met Ewige tuine, met riviere wat daaronder deurvloei. Daar sal geen hitte of koue, geen siekte, geen moegheid en geen sonde bestaan nie. God, *Die Berskermheer*, sal alle siektes uit die harte en liggame van die inwoners van die Paradys verwyder en alles wat hulle begeer sal aan hulle voorsien word. Aan diegene wie die Paradys betree sal daar gesê word, "Hierdie Paradys is jul erfporsie weens God se Genade, en weens julle goeie dade." Maar, die grootste van al die gunste in die Hiernamaals sal wees dat die gelowiges God, *Die Allerhoogste*, se aangesig sal kan aanskou. Die feit dat jy 'n Muslim is, is geen waarborg dat jy die Paradys sal betree nie. Slegs as jy in 'n "toestand van Islam" sou doodgaan – m.a.w. totale oorgawe en onderworpenheid aan die Wil van Een God Alleen – sou jy 'n kans daartoe staan.

God, *Die Beslisser*, beskryf die Hel as 'n Ewige en Afgryslike plek, verhewe bo die mens se begrip, waarvan die vuur "die mens en klip" is. Wanneer die streng Engele die mense na die Hel sal neem sal hulle sê: *"Hierdie is dít wat jy altyd ontken het."* [Quran Hoofstuk 83:17]

Ons glo dat God die *Mees Barmhartige*, en die *Mees Genadige* is, maar Hy is ook streng in Sy bestrawwing teenoor díe wie dit verdien. God se Oneindige Regverdigheid is volkome en perfek. Op die Oordeelsdag sal alle dade openbaar gemaak word, en elke mens sal met regverdigheid behandel word. Ons dade alleen sal ons nie toegang verleen tot die Paradys nie, maar deur die Genade van God sal ons toegang kry.

## 3(F). GELOOF IN GODDELIKE VERORDENINGE

God, in Sy tydloosheid, is bewus van alles wat in Sy Skepping plaasvind. Uit die perspektief van tydelike, verganklike wesens soos ons beteken dit dat God, *Die Ewig Wakende*, alles weet wat in die verlede plaasgevind het, van alles bewus is wat op die huidige oomblik gebeur, en bekend is met dit wat in die toekoms sal plaasvind. God se Goddelike Kennis is perfek. Hy is *Die Alwetende*, en alles wat Hy weet sal geskied. God, *Die Ontwerper*, het algehele Heerskappy oor Sy Skepping. Elke ding wat bestaan en elke gebeurtenis wat plaasvind is as gevolg van Sy Skepping daarvan. Niks gebeur of kom tot stand in Sy Skepping behalwe deur Sy Mag, Sy Wil en Sy Kennis nie.

## 4. DIE VRYE WIL VAN DIE MENS

'n Belangrike aspek van Islam is dat elke mens die vrye wil het om te kan kies tussen reg en verkeerd. God, *Die Gewer*, het die mens vereer met hierdie gawe. Dit kom wel saam met 'n groot verantwoordelikheid. Op die Oordeelsdag sal ons verantwoording moet doen vir die manier waarop ons hierdie gawe gebruik het.

Die menslike vrye wil weerspreek nie in die minste die feit dat God, *Die Getuie*, kennis dra van alles wat in Sy Skepping plaasvind nie. 'n Mens kan jouself afvra, "Indien God weet dat ek môre 'n sonde gaan pleeg is dit onfeilbaar, want wat ookal Hy weet sal geskied"... maar God se kennis van jou besluit beteken geensins dat jy dus geforseer is om daardie besluit te maak nie.

Die menslike vrye wil weerspreek ook nie God se absolute Heerskappy oor Sy Skepping nie. Dit weerspreek ook nie die feit dat niks in Sy Skepping kan plaasvind behalwe deur Sy Wil nie. 'n Mens mag dink dat jy eintlik geen vrye wil het nie en dat jou vrye wil slegs 'n illusie is, maar inteendeel, God het in elkeen van ons die moontlikheid geskep om 'n voorneme te formuleer. God wil hê dat ons ons eie keuses moet maak. Wanneer 'n persoon 'n keuse maak, skep God deur Sy Goddelike Wil vir die mens die

moontlikheid om sy voornemens uit te voer. Dit is God se Wil dat die mens sy eie wil het. God is nie altyd tevrede met die mens se besluite nie, maar Hy wil hê dat die mens hierdie keuses uit eie vrye wil maak.

'n Voorbeeld hiervan is 'n persoon se voorneme om 'n goeie daad te doen. Hy mag nooit sover kom om die daad te verrig nie, maar God mag so 'n persoon vergoed vir die goeie voorneme. Indien hy wel hierdie daad sou verrig, sal God hom vergoed vir beide die goeie voorneme asook die fisiese daad. Met ander woorde, God, *Die Regverdige Regter*, kan die mens vergoed vir goeie dade wat slegs 'n voorneme was en nooit tot uitvoer gekom het nie. Aan die ander kant, indien die mens 'n bose voorneme sou maak, maar dit dan NIE uitvoer nie, sal God jou nie daarvoor bestraf nie.

## 5. DAAR IS GEEN DWANG IN GELOOF NIE

Dit spruit voort uit die vorige bespreking oor Vrye Wil dat Islam slegs aanvaar kan word deur 'n vrye keuse. Die doel van die bestaan van die mens is **om die God van jou eie wil te aanbid.** Om daardie rede het enige geloof **slegs** waarde indien dit aanvaar word op die basis van vryheid van keuse. Indien 'n persoon geforseer word om 'n sekere geloof aan te neem, word daardie aanvaarding beskou as vals en van geen waarde nie.
God, *Die Sagmoedige*, sê, *"Daar is geen dwang in geloof nie. Die waarheid staan duidelik uit teen valsheid. Wie ookal die bose verwerp en in God glo het 'n houvas gekry aan die Mees Betroubare greep wat nooit sal breek nie. En God hoor en weet van alle dinge."* [Qur'an Hoofstuk 2:256]

## 6. DIE VYF PILARE VAN ISLAM

Daar is vyf verpligte dade van aanbidding wat elke Muslim pligsgetrou moet nakom. Die verontagsaming hiervan is 'n ernsrige sonde. Die struktuur van Islam rus op vyf pilare. Indien 'n persoon ontken dat enige een van hierdie dade verpligtend is, kan hy NIE 'n Muslim genoem word nie.

Hierdie vyf verpligtinge is:

1. Die **Geloofsbelydenis** (Shahadah)
2. Die vyf daaglikse **gebede** (Salaah)
3. Die Jaarlikse **Porsie vir die Armes** (Zakah)
4. **Vasting** deur die maand van Ramadaan (Sawm)
5. Die **Pelgrimstog** na Makkah (Hajj)

## 6(A). DIE GELOOFSBELEIDENIS (SHAHADAH)

Dit is verpligtend vir elke persoon wie van voorneme is om Islam as geloof te betree, om te glo en te bely dat: **"Ek getuig dat daar geen god is wat verdien om aanbid te word behalwe God nie, en ek getuig dat Muhammad*P* die dienskneg en Boodskapper van God is."**

Met hierdie eenvoudige, belangrike en kragtige belydenis word 'n persoon gereken as 'n Muslim. Daar is geen ander induksie in die geledere van Islam nie.

Die begrippe wat deel uitmaak van die geloofsbelydenis kan verduidelik word deur elk van die drie dele daarvan uiteen te sit.

Die eerste deel: "Ek getuig dat daar **geen god**..." Hierdie is 'n ontkenning van Politeïsme[8].

Hierdie is 'n ontkenning van die bestaan van enige god of wese wat deel in die Goddelike Eienskappe van God.

Die tweede deel: "...**behalwe God**..." is 'n bevestiging van monoteïsme. God is die enigste Een wie waardig is om aanbid te word.

Die derde deel: **"...Muhammad*P* is die Dienskneg en Boodskapper van God."** Hierdie is die bevestiging van die Profeetskap van Muhammad*P* as die finale Profeet en Boodskapper van God[9]. Hierdie verklaring sluit 'n

---

[8]Hierdie ontkenning beteken dat niks behalwe God aanbid mag word nie. Niks besit oor enige Goddelikheid behalwe God nie. Geeneen deel in die Eienskappe van God nie, en niks of niemand kan Skepper of Onderhouer van die Skepping wees behalwe God nie. Hy is sonder gelyke of deelgenoot.

[9]Mens kan jouself afvra waarom die geloofsbelydenis slegs melding maak van Muhammad*P* as Profeet terwyl 'n Muslim in al die vorige Profete en Boodskappers*P* van God moet glo? Dit is omdat melding van Muhammad*P* al die vorige gesante insluit, terwyl melding van bv. Moses*P* of Jesus*P* nie die wat na hulle gekom het sou insluit nie.

onvoorwaardelike aanvaarding van die Qur'an en die betroubare tradisies van Muhammad$_P$ in.
Deur die verklaring van die Geloofsbelydenis verwerp 'n persoon alle valse voorwerpe van aanbidding en bevestig hy dat slegs God aanbid mag word. God is sonder gelyke of deelgenoot. God belowe dat, sodra 'n mens in opregtheid bely dat **"Daar is geen god behalwe God nie, en Muhammad$_P$ is Sy Boodskapper,"** Hy al jou vorige sondes sal vergewe.
Die goeie dade wat so 'n persoon voor heirdie belydenis verrig het kan ook deur God, *Die Vergewensgesinde*, beloon word.

## 6(B). DIE VYF DAAGLIKSE GEBEDE (SALAAH)

Dit word van elke Muslim verwag om vyf daaglikse verpligte gebede te offer. 'n Muslim draai in die rigting van Makkah as hy sy gebede offer -die rigting van die eerste plek van aanbidding wat opgerig is ter ere van Die Een God. Hierdie Plek van aanbidding word die Ka'bah genoem. Dit is 'n leë, kubus-vormige struktuur wat gebou is in Makkah, 'n stad in hedendaagse Saudi-Arabië. Dit was opgerig deur Abraham$_P$ en sy seun Ismael$_P$ vir die aanbidding van Die Unieke en Enigste Ware God.

Dit moet onthou word dat Islam geen heilige relieke of simbole vervat nie. Die Ka'bah word NIE aanbid nie. Ons rig ons slegs in die rigting van die Ka'bah terwyl ons God aanbid. Deur in die rigting van die Ka'bah te draai, word al die aanbidders verenig in hul gebed tot *Die Een God*. Enige persoon wie die Ka'bah, of enige ander mensgemaakte ding aanbid, is 'n afgodedienaar.
Om dit baie duidelik te stel- die boumateriaal van hierdie struktuur is niks meer heilig as enige ander boumateriaal nie.
Hierdie gebede vind plaas dwarsdeur die dag en nag, en dien as 'n aanhoudende herinnering dat dit die mens se plig is om homself aan God te onderwerp. Hierdie gebede is 'n direkte verbinding tussen die aanbidder en God. Dit is 'n kans om na God te keer in aanbidding, om jou dank aan Hom te betuig, om Sy vergifnis te vra, en om te vra vir Sy leiding en Genade.

'n Muslim kan vrywilliglik meer gebede aan God offer. Gebede, in die breë sin van die woord, is 'n smeking tot God, en kan letterlik enige tyd van die dag of nag geoffer word.

## 6(C). DIE JAARLIKSE PORSIE VIR DIE ARMES (ZAKAAH)

Dit is 'n geloofsverpligting vir elke Muslim wie voorspoedig genoeg is om 'n sekere hoeveelheid rykdom bymekaar te maak en te behou, om 'n vasgestelde persentasie daarvan jaarliks aan die behoeftiges te gee. Hierdie armbeurs word in Arabies "ZAKAAH" genoem, en beteken letterlik
"Suiwering."

Alles behoort aan God, *Die Mees Genadige*, en rykdom word slegs deur God aan die mens toevertrou. Deur hierdie porsie vir die armes te betaal, word die mens 'n geleentheid gegun om op 'n natuurlike manier die geld wat hy op etiese wyse, en met die hulp van God ingewin het, te suiwer. Bo en behalwe die suiwering is dit ook 'n manier waarop rykdom direk verdeel kan word in die gemeenskap sodat die behoeftiges gehelp kan word.

Zakaah suiwer ook die siel van die gewer. Dit beteuel hebsug, versterk deernis en bevorder ruimhartigheid teenoor die mensdom. Die basiese persentasie betaalbaar op jou inkomste is twee en 'n half persent van dit wat jy in besparing gehou het vir 'n hele jaar. Die porsie vir die armes word dus gelas op jou besparing, en nie jou inkomste nie.

## 6(D). VASTING TYDENS RAMADAAN (SAWM)

Indien dit fisies moontlik is, moet elke volwasse Muslim vas tydens die Maanmaand van Ramadaan. Hierdie maand is betekenisvol weens die feit dat die Qur'an vir die eerste keer geopenbaar was aan Muhammad[P] tydens hierdie maand. Weens die feit dat 'n maanjaar elf dae korter is as 'n sonjaar, verskuif die maand van Ramadaan stadig maar seker deur al die seisoene.

Soos wat die Porsie vir die Armes 'n vorm van "inkomste suiwering" is, so-ook is die vasting 'n vorm van "self suiwering."

Die vasting begin teen dagbreek, en eindig sodra die son gesak het. Tydens die dag weerhou 'n vastende persoon homself van voedsel, drank en seksuele omgang[10]. Hierdie aktiwiteite word wel toegelaat sodra die son gesak het totdat die volgende dag breek. Vasting leer die mens selfbeheersing en geduld. Net soos gebed, is vasting ook 'n manier waarop jy jou kan wend na God in opregte aanbidding. Vasting herinner ons aan die omstandighede van die behoeftiges en gee aan ons opnuut dankbaarheid vir al die eenvoudige seëninge wat ons as vanselfsprekend aanvaar, soos om 'n glas suiwer water te kan drink, of om voedsel te kan eet net wanneer ons wil.

Die vakansie dae van 'n Muslim is Eid-ul-Fitr – wat gevier word aan die einde van Ramadaan, en Eid-ul-Adha – wat gevier word aan die einde van Hajj.

## 6(E). DIE PELGRIMSTOG NA MAKKAH (HAJJ)

Dit word verwag van elke Muslim om een keer in sy leeftyd die Pelgrimstog na die Ka'bah in Makkah te voltooi indien dit fisies en finansieel vir hom moontlik is. Hier vergader Muslims van oral oor die wêreld met die uitsluitlike doel om God te aanbid en te vereer. Miljoene pelgrims besoek jaarliks die Ka'bah om hul Hajj te voltooi.

Die Hajj plegtigheid het ontstaan by die Profeet Abraham$_P$ en was in ere herstel deur die Profeet Muhammad$_P$. Hierdie Pelgrimstog dwing die pelgrims om alle rasse, ekonomiese en sosiale hindernisse te oorkom wat dalk nog in hul gemeenskappe mag bestaan. Dit moedig ook elke Muslim aan om selfbeheersing, geduld en vroomheid te beoefen.

[10] In Islam word enige buite-egtelike seksuele verhoudings verbied, en klem word gelê op kuisheid.

Die pelgrims dra almal eenvoudige kledingstukke wat hulle ontneem van klas en kultuur verskille. Elke verpligtende daad van aanbidding hernu weereens die gedagtenis aan God, en herinner elke Muslim dat ons van God af kom, en dat ons almal na Hom toe moet terugkeer.

## 7. DIE QUR'AN

Die Qur'an is die finale, onfeilbare, direkte en volmaakte rekord van die presiese woorde van God, soos wat dit deur die Engel Gabriël[11] geopenbaar was, en onwrikbaar ingeplant was in die hart van die Profeet en Boodskapper - Muhammad[P].

Die Qur'an was geleer en gememoriseer deur baie van die metgeselle van die Profeet Muhammad[P], en is deur die eeue heen van geslag tot geslag aangestuur – eerstens deur noukeurige mondelingse oorlewering, en tweedens deur noukeurige skriftelike bewaring.

Die Skrifte wat voor die Qur'an gestuur was en deur ander Profete en Boodskappers[P] aan die mens verklaar was, was ook deur God gestuur. Die openbaring van die Qur'an het hierdie vorige boodskappe in ere herstel en verduidelik.

Die Qur'an is uniek in vele opsigte. God, *Die Beskermheer*, het verseker dat die Qur'an in sy oorspronklike vorm bewaar sal bly en gewaarborg dat dit nooit verwring sal word nie, maar behoue sal bly tot die einde van tyd.

Die Qur'an word beskou deur Muslims, asook historikuste van gelowe, as die mees egte en betroubare godsdienstige geskrif onder die wêreld se gelowe[12]. Nie een van die ander

[11]Dit word geleer in Islam dat "Die Gees van die Heilige Een" die Engel Gabriël is, en dat hy NOOIT aanbid mag word nie. (Geloof in die "Drie-eenheid" is 'n duidelike weerspreking van die kern beginsels van die Islamitiese geloof – monoteïsme.)

[12]Verwys na Joseph van Ess, "Muhammad and the Qur'an: Prophecy and Revelation" in Christianity and the World Religion: Paths to Dialogue with Islam, Hinduism and

geopenbaarde geskrifte het ons bereik in die oorspronklike vorm en taal nie. Sekeres – soos die Perkamentrolle wat aan Abraham*P* geopenbaar was, het ons in totaliteit nie bereik nie. Deur die loop van die eeue is daar dele uit die ander geskrifte wat herskryf was. Dele daarvan is uitgelaat, en ander is bygevoeg. Sodoende is die hele Skrif se oorspronklike boodskap verwring.

God het nie toegelaat dat hierdie selfde besoedeling kon plaasvind met die Qur'an nie, want dit is Sy finale Skrif aan die mensdom tot en met die Oordeelsdag. Geen nuwe Profeet of Boodskapper*P* sal weer gestuur word nie. As God nie self die Qur'an se bewaring gewaarborg het nie, sou dit ons nooit bereik het in die suiwer oorspronklike vorm nie. Om hierdie rede het God nie die beskerming van die Qur'an aan die mens opgedra het nie[13].

Goddelike beskerming van die vorige Skrifte was nie so krities nie, want God het aangehou om Profete en Boodskappers*P* aan die mensdom te stuur. Die Wette wat in hierdie vorige Skrifte omvat was, was ook nie in die finale en volmaakte vorm nie. Op bevel van God het Jesus*P* byvoorbeeld veranderinge aangebring aan die Wette van die vorige Boodskappers. Hy het sekere dinge wat voorheen onwettig was as wettig verklaar, sonder om enige verandering aan te bring aan die kern boodskap van monoteïsme.

Nog 'n unieke eienskap van die Qur'an is die feit dat dit 'n ongelooflike wonderwerk opsigself is. 'n Wonderwerk is 'n verskynsel wat teen die natuurlike gang van sake is, en duidelik die intrede van God, *Die Almagtige*, se direkte hulp demonstreer. Al die Profete en Boodskappers*P* het wonderwerke van God geopenbaar aan die mense om die eerlikheid van hul aanspraak

---

Buddhism, geredigeer deur Hans Kung (Garden City, NY: Doubleday & Co, 1986); en Micheal Sells, Approaching the Qur'an: The Early Revelations(Ashland, OR: White Cloud Press, 1999).

[13]Anders as al die verskillende weergawes van die Bybel, is die Qur'an 'n enkele Geskrif wat 114 hoofstukke bevat. Protestante Christene het 66 boeke in hulle Bybel, en Rooms Katolieke het 72. Ander weergawes bevat selfs meer.

op Profeetskap te staaf. Abraham$_P$ het oorleef sonder enige skade nadat hy in die vuur gegooi was. Moses$_P$ het sy staf opgelig en die see het oopgekloof deur die Genade van God. Jesus$_P$, seun van Maria, het met die toestemming van God die dooies opgewek en die siekes gesond gemaak deur slegs aan hulle te raak. Al hierdie wonderwerke het die geldigheid en egtheid van die Profete en Boodskappers$_P$ bevestig, maar dit kon slegs aanskou word deur die mense wie op daardie spesifieke tyd in hulle teenwoordigheid was.
Terwyl die Profeetskap van Muhammad$_P$ ook deur verskeie wonderwerke bevestig was, is die Heilige Qur'an by verre die mees belangrike onder hierdie wonderwerke. God daag elkeen wie die geloofwaardigheid van die Qur'an in twyfel trek uit om 'n enkele hoofstuk te skep wat kan vergelyk met 'n hoofstuk in die Qur'an. (Hier moet dit uitgewys word dat die kortste hoofstuk in die Qur'an uit slegs drie verse bestaan.) Niemand kon dit nog ooit regkry nie, al was daar deur die loop van die eeue vele mense wie graag die Qur'an in oneer wou bring en wou wegdoen met Islam. God se uitdaging bly staan tot en met die Oordeelsdag.

Een van die Qur'an se wonderwerke is dat dit die toppunt van letterkundige voortreflikheid is. Dit is die mees welsprekende voorbeeld van Arabiese prosa wat bestaan. Dit het 'n skryfstyl wat geen gelyke het in die Arabiese taal nie, en is onnavolgbaar.

Die Qur'an is vir alle mense, en is steeds beskikbaar in die oorspronklike, lewende taal – Arabies – wat tot vandag toe gebruik word deur miljoene mense wêreldwyd. Die oorspronklike tekse van meeste ander geloofsgeskrifte het verlore gegaan deur die eeue, en was oorspronklik geskryf in tale wat nie meer algemeen gebruik word nie.

Nie 'n enkele woord in die Qur'an is die woord van Muhammad$_P$ nie. Dit is alles die Woorde van God. Muhammad$_P$ kon nie lees of skryf nie. Hy het die Qur'an presies voorgedra soos wat dit deur die Engel Gabriël$_P$ aan hom geopenbaar was, terwyl hy sy metgeselle aangesê het om dit neer te skryf en te memoriseer.

**Die Qur'an is die direkte Woord van God.** Om daardie rede is die Qur'an die enigste Skrif wat vandag bestaan wat geskryf is deur God Alleen. Daar is geen ander weergawes van die Qur'an nie.

Alhoewel daar vele vertalings van die Qur'an bestaan, is nie een van hulle naastenby so uitmuntend of luisterryk soos die oorspronklike Arabiese Qur'an nie.
Hier volg 'n voorbeeld van Qur'an, Hoofstuk 112:

*In die naam van God, die Mees Barmhartige, die Mees Genadige*

1. *Sê, "God is Een.*
2. *God is Ewig, Onafhanklik.*
3. *Hy verwek nie, en is ook nie verwek nie,*
4. *en Hy het geen gelyke nie."*

## 8. DIE PROFEET MUHAMMAD$_P$ EN SY SUNNAH

Muhammad$_P$ was gebore in die jaar 570 CE uit die vername nageslag van twee van die groot Profete van God nl. Abraham$_P$ en sy eersgebore seun Ismael$_P$. Muhammad$_P$ het grootgeword met die titel **"Die Betroubare"**. Muhammad$_P$ was deur God uitverkies as Sy finale Profeet en Boodskapper.

Die Sunnah verwys na die gesegdes van die Profeet$_P$, sy handelinge, asook die dinge wat hy as voor die hand liggend aanvaar het. Die verslae en opgawes van die Sunnah staan bekend as die Hadith en is saamgevat in bekende geskrifte. Net soos die Qur'an is die Sunnah ook geïnspireer deur God. Dit is nie die direkte, letterlike woorde van God nie, maar al die dinge wat die Profeet$_P$ gesê of gedoen het was deur God geïnspireer. Die leerstellings het van God af gekom (deur Goddelike inspirasie) en die woorde was díe van die Profeet Muhammad$_P$ ('n voorbeeld vir die mensdom). Die Sunnah is ook noukeurig aangeteken en bewaar.
Elke Muslim is daarmee gelas om die Sunnah van die Profeet$_P$ na te volg. In die Qur'an beveel God die gelowiges om die

Boodskapper (Sy verteenwoordiger) te gehoorsaam. God sê, *"Wees gehoorsaam aan God, en wees gehoorsaam aan die Boodskapper."* [Qur'an Hoofstuk 4:59]

Die doel van hierdie lewe is om God te dien en te gehoorsaam. Dit word bereik deur die navolging van die leerstellings en leefwyse van die Profeet[P] God sê, *"U het inderdaad in die Boodskapper van God 'n pragtige voorbeeld [van gedrag] vir enige een wie se hoop op God gevestig is, en op die Laaste Dag, en wie dikwels besig is om God te eer."* [Qur'an Hoofstuk 33:21]

Die Profeet[P] het aan Muslims gewys hoe om elke aspek van aanbidding uit te voer. Hy het gesterf op die ouderdom van 63 (in die jaar 632 CE) en was begrawe by sy huis in Madina (Yathrib). Hy het altyd sy metgeselle begroet, of van hulle afskeid geneem met salutasies en smeekbede van vrede, wat steeds aanbeveel word aan Muslims. Binne een eeu het Islam drie kontinente oorspan, vanaf Sjina dwarsoor Asië, dwarsdeur Afrika, en Spanje in Europa.

## 9. DIE GEVARE VAN TOEVOEGINGS IN ISLAM (BID'AH)

God het aan die Muslims die bevel gegee om nie onder mekaar verdeeld te raak in sektes nie. Toevoegings en verdeeldheid met betrekking tot geloof en aanbidding binne Islam word beskou as besoedeling, dwaling en afwyking. Vroeëre afskuwelike afwykings vanaf monoteïsme, het gelei tot God se veroordeling. (Toevoegings tot bv. die wetenskappe en tegnologie daarenteen hand word aangemoedig omdat dit die mens se lewenskwaliteit verbeter.)

Toe die Profeet Muhammad[P] naby aan die einde van sy leeftyd was het God, *Die Mees Barmhartige*, deur hom aan die mens geopenbaar dat Hy die geloof van Islam vervolmaak het.
Muslims moet besef dat enige verandering met betrekking tot die aanbidding van God ten strengste verbied word. Nie 'n enkele

toevoeging wat deur die mens, onder die invloed van Satan, voorgestel word kan ooit enige positiewe bydrae lewer tot 'n geloof wat deur God Self vervolmaak en veredel is nie. Dit kan slegs bydra tot die vernedering en aftakeling daarvan.

Alle toevoegings met betrekking tot geloof en aanbidding lei tot afdwaling, en alle afdwaling lei tot die Hel. Die mens mag nie toelaat dat afdwaling (d.w.s. byvoeging of weglating) met betrekking tot aanbidding plaasvind nie – nie eers met een graad nie[14].

Indien die geringste toevoegings toegelaat word in Islam, sal dit beteken dat toekomstige generasies 'n opeenhoping daarvan sal oorerf, en die produk daarvan sal maar net nog 'n **mensgemaakte geloof** wees, en beslis nie Islam soos wat dit deur God, *Die Ware*, vervolmaak is nie. Om 'n geloof te probeer bou deur die "kruideniers-trollie" metode te gebruik, óf deur blindelings 'n geestelike leier na te volg is ontoelaatbaar!

Die verandering van God se Wet is verbode in Islam. God veroordeel geestelike leiers wie die Goddelike beginsels durf verander. Enige persoon wieprobeer om so 'n verandering aan God se Wet aan te bring, plaas hom (of haarself) op dieselfde vlak as God, en uiteraard maak hy homself skuldig aan politeïsme. 'n Voorbeeld hiervan sal wees om dit wettig te verklaar om onskuldige mense dood te maak. Die Wet van God is perfek en daar is geen rede daarvoor om dit te probeer "moderniseer" nie. God gun ons die vryheid om Hom te gehoorsaam, of om ongehoorsaam teenoor Hom te wees. Hy gun ons die keuse om Sy geloof na te volg, of om ons eie begeertes na te volg. Maar, Hy verbied ons om Sy geloofsbeginsels en gebooie te verander.

(Dit is interessant om te weet dat die sekelmaan en ster NIE verteenwoordigend is van Islam nie. Die profeet Muhammad*P* het dit nooit gebruik of genoem nie. Dit was 'n Heidense simbool wat

---

[14] Islam leer dat daar twee voorvereistes is in alle dade van **aanbidding**, voordat dit deur God aanvaar kan word: Die **voorneme** moet eerstens wees om God te behaag, en tweedens moet dit gedoen word **volgens die Sunnah** van die Profeet Muhammad*P*.

deur latere generasies toegevoeg is as 'n politieke simbool. Dit is hartseer dat dit algemeen aanvaar en gebruik word , en misgis word as 'n Islamitiese simbool.)

## 10. DIE VERHAAL VAN ADAM$_P$ EN EVA

Die Verhaal van Adam$_P$ en Eva word in die Qur'an aangehaal. Alhoewel dit min of meer dieselfde is as dit wat vandag nog beskikbaar is in die oorskotte van die vorige Skrifte, verskil dit in sekere belangrike aspekte.

God het aan die Engele bekend gemaak dat Hy 'n nuwe Skepsel op aarde gaan plaas. Daarna het God vir Adam$_P$ uit klei geskape. Hy het die siel in Adam$_P$ ingeblaas, en aan hom die name van alles wat bestaan geleer, en vir hom 'n vrou (Eva) geskep uit dieselfde siel. God het die twee van hulle toegelaat om die Paradys te bewoon en aan hulle vrye wil gegee.

God het die Engele beveel om voor Adam$_P$ te prostreer – uit respek en nie uit aanbidding nie.
Satan was ook tussen die Engele, alhoewel hy nie een van hulle was nie. Hy was 'n Jinn[15]. Hulle is wesens wat voor Adam$_P$ deur God geskape was uit rooklose vuur. Al die Engele het God gehoorsaam en voor Adam$_P$ gebuig, maar Satan het geweier. As gevolg van hoogmoedigheid en verwaandheid het hy gesê dat hy beter is as Adam$_P$ omdat Adam$_P$ maar net uit klei geskep was, maar hy was uit vuur geskape. Satan was inderdaad die eerste rassis.

Satan het God se Genade verbeur. God, *Die Beslisser*, het hom veroordeel weens sy ongehoorsaamheid, maar Satan, die vervloekte, het God gevra om hom uitstel te gee tot die Oordeelsdag (Die Heropstanding), sodat hy aan God kan bewys dat Adam$_P$ en sy nageslagte nie hierdie eer wat God hulle betoon

[15] Die Jinn was voor Adam$_P$ geskape. Hulle besit ook vrye wil. Ongehoorsame Jinn is duiwels. Hulle leef op aarde saam met ons en al kan hulle ons sien, is hulle verberg van ons sig – behalwe as hulle sou verkies om hulself te openbaar. Toordery – wat verbode is in Islam – word gedoen deur middel van hulle hulp.

het waardig is nie. "Voorwaar ek sal hulle mislei, en ek sal verseker in hulle ydele begeertes opwek." God het aan hom sy uitstel gegun sodat Hy daardeur die mens kon toets. God weet wat Satan nie weet nie.

Dit is belangrik om te weet dat daar geen manier is waarop Satan met God in 'n "stryd" betrokke kan raak nie, want – net soos alle ander dinge, is Satan ook 'n skepsel van God. Satan bestaan slegs deur die Wil van God; hy is dus geheel en al onder God se Mag. Indien God nie wou gehad het dat Satan en sy helpers moes bestaan nie, sou hulle nie vir 'n oomblik kon bly voortbestaan nie.

Islam gee nie aan Satan enige deel in God se Magtigheid nie. Hy word nie enige "Goddelike of geestelike" kwaliteite toegevoeg nie. Islam verwerp die konsep dat Satan met God in 'n "oorlog" betrokke geraak het en 'n derde van die Hemelse leërskare saam met hom geneem het. Satan is 'n geswore vyand van die mens, maar hy is net 'n skepsel van God, en absoluut afhanklik van God vir sy bestaan.

Alhoewel hy hoogmoedig is, vervloek is, en God se Genade verbeur het, dien Satan 'n beslisse doel. God wil hê dat die mens sy vrye wil moet gebruik om te kies tussen reg en verkeerd. Hy het aan die mens 'n instinktiewelike vermoë gegee om *Die Skepper* te erken en na Hom te draai. Die mens word geag as inherent goed, en gebore in 'n suiwer toestand van Islam (onderworpe aan God). Satan en sy helpers staan alles wat goed is teë en verlei die mens tot sonde. Sy doel is om die mensdom (sy geswore vyand) te mislei en te betrek by sonde en afgodediens – weg van monoteïsme, regverdigheid, en die Weg van God af. God, *Die Wyse*, nooi die Muslims uit **om die goeie aan te beveel en om die sonde te verbied**. Omdat ons ons vrye wil toepas wanneer ons die versoekings van Satan weerstaan, kan die mens 'n hoë vlak van eerbaarheid bereik.

Hier volg 'n opsomming van die toets wat Adam[P] en Eva in die Paradys moes deurgaan:

Hulle het deel gehad aan perfekte vryheid en geluk in die Paradys. God het hulle toestemming gegee om van al die vrugte in die tuin te eet, maar Hy het hulle verbied om naby een van die bome te gaan. Hy het hulle gewaarsku dat, indien hulle Sy bevele sou verontagsaam, hulle beslis oortreders sou wees.
Satan het hulle mislei. Hy het aan hulle vertel dat die enigste rede waarom God nie wou hê dat hulle van daardie boom moet eet nie, was omdat dit hulle vir ewig sou laat lewe, en hulle sou soos engele word. Hulle was dus verlei deur Satan en het God verontagsaam.

Adam$_P$ en Eva het beskaamd gestaan. Hulle het opreg berou getoon teenoor God en God, *Die Mees Vergewensgesinde, Die Mees Barmhartige* en *Die Mees Genadige* het hulle vergewe.
Islam verwerp die konsep van "erfsonde", asook die konsep dat alle mense as inherent sondig gebore is as gevolg van die dade van Adam$_P$. Geen mens sal ooit die las van 'n ander dra nie, want God is *Die Regverdige*. Elke mens is verantwoordelik vir sy eie dade en word gebore as 'n Muslim – suiwer, en sonder sonde. Dit is belangrik om kennis te neem dat Islam nie die blaam op Eva plaas nie. Beide Adam$_P$ en Eva het oor vrye wil beskik, en albei het hul eie besluite geneem. Beide het van hierdie boom se vrugte geëet. Hulle sonde en ongehoorsaamheid was 'n gesamentlike poging.
Islam verwerp die idee dat vroue bose verleidsters is, en dat hulle vervloek is met die las van menstruasie en pynlike kinderbaring weens die sonde van Eva.

God het Adam$_P$ en Eva uit die Paradys verwyder en hulle na die aarde gestuur om daar te woon. God het vroeër aan die Engele gesê dat Hy die mens gaan skep om op aarde te woon. Die aarde is waar God, in Sy Wysheid, die mens wou gehad het.

## 11. JESUS$_P$

Jesus$_P$ was 'n Profeet en Boodskapper van God. Hy het die mens geroep om God Alleen te aanbid. Hy het nooit aanspraak

gemaak op Goddelikheid nie, en **nooit het hy die mens beveel om hom te aanbid nie.**

Hy is gebore uit 'n maagd. Hierdie was een van die vele wonderwerke van God tydens die leeftyd van Jesus$_P$. Jesus$_P$ was gebore sonder 'n vader. God sê in die Qur'an, *"Waarlik, die vergelyking tussen Jesus$_P$ en God, is soos die vergelyking met Adam$_P$. Hy het hom uit stof geskape en aan hom gesê "Wees!" en hy was."* [Qur'an Hoofstuk 3:59]

God het Jesus$_P$ geskape net soos wat hy alle ander dinge geskape het. Jesus$_P$, Adam$_P$ en Eva was al drie uniek in hul skepping:
Jesus$_P$ was geskep sonder 'n vader. Adam$_P$ en Eva het nie moeder óf vader gehad nie. Om te glo dat Jesus$_P$ die enigste verwekte seun van God is, of dat God enige gesinslede soos moeder, vader, seun of dogter het, verleen aan God, *Die Skepper*, menslike kwaliteite van voortplanting[16].
Muslims ag dit as gelykstaande aan politeïsme en dit is sonder twyfel verbode in Islam. Terselfdertyd is dit net so 'n groot sonde om God se Unieke Eienskappe toe te skryf aan enige skepsel van God. Dit is ook duidelik in teenstelling met monoteïsme. Hierdie geloof is die teenoorgestelde van die leeringe waarmee al die Profete en Boodskappers$_P$ van God gestuur was[17].

---

[16]Dit was in die antieke stad van Nicea (geleë in moderne Turkye - omtrent 700 myl of 1100km NNW vanaf Jerusalem naby die Oostelike Roomse hoofstad) waar die eerste raad van Nicea byeengekom het. Dit was 325 jaar na die geboorte van Jesus$_P$. Dit was tydens hierdie raadsitting dat Jesus$_P$ verklaar was as 'n godheid en nie 'n Profeet of Boodskapper van God nie. Die konsep van "die drie-eenheid" was vasgestel deurdat Jesus$_P$ dieselfde as – en gelyk aan God verklaar was.Hierdie is in direkte teenstelling met die beginsel van monoteïsme soos deur Abraham$_P$ verkondig, en wat Jesus$_P$ self bevestig het, en waartoe hy die mens geroep het. Islam leer dat die bevrugting van Jesus$_P$ plaasgevind het toe God die Engel Gabriël$_P$ na Maria gestuur het met die blye boodskap dat sy 'n seun sal baar wat as leidsman en Genade van God vir die mensdom sal dien. Sy het die Engel gevra hoe dit moontlik kan wees as geen man haar nog ooit aangeraak het nie. Gabriël$_P$ het geantwoord "As God sê 'Wees', dan bestaan dit."Om hierdie rede word daar dikwels na Jesus$_P$ verwys as "woord van God". Die "woord" is God se opdrag "Wees!"

[17]Alhoewel Christene en Jode sekere monoteïstiese geloofsbeginsels van die oorspronklike geloof van Abraham$_P$ oortree,verwys Islam steeds respekvol na hulle as "Die Mense van die Boek". Hulle word so genoem weens die feit dat hulle

God is verhewe bo enige geskape, of menslike kwaliteite en eienskappe. Jesus$_P$ is die Messias, die Christus, die woord van God, die gesalfde een, gestuur deur *Die Mees Genadige* God as Profeet en Boodskapper.

God maak ook aan ons bekend dat Jesus$_P$, seun van Maria, nie dood is nie, en dat Hy Jesus$_P$ opgehef het tot by Hom. Muslims glo dat die wederkoms van Jesus$_P$ een van die tekens is van die aanvang van die Laaste Dag. Wanneer Jesus$_P$ terugkeer sal hy nie as 'n Profeet of Boodskapper met openbaringe van God af terugkeer nie. Hy sal terugkeer en aan bevel staan van die gelowiges, en saam sal hulle die antichris – wie teen daardie tyd geweldige booshede en beproewings op die aarde sal veroorsaak - vernietig. Jesus$_P$ sal die finale manifestasie van God se Wet volg – soos wat dit aan Muhammad$_P$ geopenbaar was.

## 12. SONDE EN BEROU

Sonde is om willens en wetens ongehoorsaam te wees aan God. Die grootste van alle sondes is politeïsme, maar enige doelbewuste oortreding van die gebooie van God is 'n sonde. God, *Die Verhinderaar*, het sekere dinge verbode verklaar weens die feit dat dit skadelik is vir die mens en die gemeenskap. Moord, aanranding, diefstal, bedrog, woekerhandel (handel met onregmatige winste)[18], ontug, owerspel, toordery (sien voetnota 15), gebruik van alkohol, die eet van vark, asook die gebruik van ongeoorloofde dwelmmiddels is alles voorbeelde van sondige dade.

Islam verwerp die leerstelling van erfsonde. Geen siel sal die las van 'n ander se sonde dra nie. Dit sou nie regverdig wees nie, en God is *Die Regverdige, Die Mees Genadige*. Ons is almal

---

geopenbaarde Skrifte en Wette van God af ontvang het, en omdat hulle sekere Profete erken.

[18]Die byvoeging van rente op 'n lening, of woekerhandel, was oorspronklik verbied in die Joodse geloof, die Christelike geloof, sowel as Islam. In die middeleeue het die Christene in Europa hierdie verbod stadig maar seker verander. Vandag het selfs "Islamitiese lande" toegelaat dat hierdie Wet van God oortree word.

aanspreeklik vir ons eie dade voor God, *Die Alsienende*. Maar, indien een persoon 'n ander sou aanmoedig om 'n sonde te pleeg, sou albei gestraf word daarvoor. Die een sal gestraf word omdat hy die daad gedoen het, en die ander sal gestraf word omdat hy dit aangemoedig het.

Wanneer 'n persoon 'n sonde pleeg verdien hy God se bestrawwing. Gelukkig is God ook *Die Mees Barmhartige*, en *Die Vergewensgesinde*. God besit oor Oneindige Kennis en Regverdigheid.

Muslims glo nie dat Jesus$_P$, die seun van Maria, vir die mensdom se sondes gesterf het nie. God, *Die Mees Barmhartige*, vergewe wie ookal Hy verkies. Om te glo dat dit nodig was vir Jesus$_P$ om te ly en te sterf sodat ons sondes vergewe kon word is 'n weerspreking van die Oneindige Almag en Regverdigheid van God. God se Genade het geen perke nie.

God, *Die Aanhoorder*, beloof ons dat Hy ons sal vergewe as ons na Hom toe draai in opregte berou. Berou is 'n ernstige saak. Op hierdie manier kan 'n mens saligheid bekom deur die Genade van God. Berou kan nie ligtelik opgeneem word nie. Opregte berou voldoen aan die volgende vereistes:

1. Die persoon moet kan aanvaar en **besef** dat hy 'n sonde gepleeg het en opreg berou hê dat hy dit gedoen het.
2. Hy moet homself nederig tot God wend en **vra vir Sy vergifnis.**
3. Hy moet 'n opregte **voorneme** hê om dit nie weer te doen nie.
4. Indien hierdie sonde iemand anders skade aangedoen het, moet hy 'n opregte poging aanwend om die skade te **herstel.**

Hierdie beteken nie dat, indien die persoon in die toekoms sou terugkeer tot dieselfde sonde, die vergifnis wat hy ontvang het nietig verklaar is nie. Wat noodsaaklik is is 'n opregte voorneme om nie weer dieselfde sonde te pleeg nie. Omdat ons nie weet wat die toekoms inhou nie is die deur vir berou altyd oop. God,

*Die Een Wie Dikwels Kwytskel*, is gelukkig wanneer die kinders van Adam$_P$ dikwels tot Hom keer en Hom om vergifnis vra. Berou is 'n vorm van aanbidding.

Niemand kan sondes vergewe behalwe God nie. Dit is verbode vir 'n Muslim om Goddelike vergifnis vir sondes te vra van enige iemand anders behalwe van God. Dit sou beslis politeïsme wees.

## 13. DIE ORGANISATORIESE STRUKTURE VAN ISLAM

Islam lê klem op die verhouding tussen die individu en God. Die raamwerk van hierdie verhouding volg die riglyne soos uiteengesit in die Qur'an en die Sunnah. Hierdie verhouding defineer op sy beurt ook die Muslim se verhoudings met andere, en dit bring weer regverdigheid, organisasie en gemeenskaplike harmonie tot stand.

Die Qur'an sê, *"Voorwaar die mees eerbare onder julle by God, is hulle wie die vroomste is."*
[Qur'an Hoofstuk 49:13] Dié met wysheid, dié met vroomheid, dié wie kennis dra oor Islam, en dié wie opreg is in die uitlewing van hul geloof – hulle is die natuurlike leiers in Islam.

Daar is geen vereistes waaraan 'n persoon moet voldoen voordat hy die Islamitiese leerstellings kan bestudeer nie. Enige persoon met intelligensie, deursettingsvermoë en ure se toewyding tot studie kan 'n deskundige word, maar nie elkeen het die tyd en die hulpbronne tot sy/haar beskikking nie. Elke mens moet poog om soveel as moontlik te leer terwyl hulle altyd onthou dat God, *Die Een, Die Gewer van Kennis en Insig* is.

Die studente (deskundiges) speel 'n kritiese rol in die Muslim gemeenskap. Hy of sy het hulself toegewy tot jare se studie van Islam. Hierdie deskundiges kan nie sondes vergewe, mense seën, of die Wette van God verander nie. Hulle dra slegs die kennis wat hulle ingewin het uit die Qur'an en die Sunnah oor, en deur die vroom voorbeeld wat hulle stel, inspireer hulle andere

om hulself te verbeter. Party mense verwys na Muslim deskundiges as "geestelikes/leeraars". Hierdie is 'n foutiewe benaming. In Islam is daar geen formele leeraars, geen verordineerde liggaam, en geen rangorde nie. Die verhouding tussen die individu en God is 'n direkte verhouding. Niemand behalwe God kan iets Wettig of Onwettig verklaar nie. Geen geskape skepsel kan 'n ander vergewe nie. Elke individu moet persoonlik aan God, *Die Heer en Skepper*, verantwoording doen.

Wanneer die gemeenskaplike gebede in 'n moskee (musjid) bygewoon word, sal daar opgemerk word dat daar 'n persoon is wie die gebede lei. Wanneer Muslims as 'n groep saam bid, moet hulle een onder hulle geledere aanstel om die gebed te lei. Hierdie persoon sal dan voor staan en die ander sal hom volg sodat die gebede in harmonie en eenheid voltooi kan word. So 'n persoon word 'n Imam genoem. Dit beteken letterlik "die een wie aan die leiding staan." Die Vrydag Middag gebed is 'n spesiale gemeenskaplike geleentheid. Dit is verpligtend vir mans om dit by te woon, maar is vrywillig vir vroue. Hierdie weeklikse gebed word vooraf gegaan deur 'n kort diens. Die persoon wie die diens (of leering) gee moet die een wees wie oor die meeste kennis en insig aangaande Islam en die leerstellings beskik.

## 14. ISLAMITIESE WET (SHARI'AH)

Islamitiese Wet is ontleen uit twee bronne – die Qur'an en die Sunnah van die Profeet Muhammad$_P$. Net soos die Qur'an, is die Sunnah ook geïnspireer deur God. Islamitiese Wet dek elke aspek van 'n mens se lewe. Dit sluit in hoe 'n mens God moet aanbid, en hoe jou optrede teenoor andere moet wees. God beveel die gelowiges om sekere dinge te doen, en Hy verbied hulle dan weer om ander dinge te doen. God Alleen, *Die Alwetende*, *Die Regverdige*, het die reg om iets Wettig of Onwettig (sondig) te verklaar.

'n Islamitiese gemeenskap mag enige wetgewing maak wat die mens se lewensomstandighede verbeter (bv. verkeersreëls) op voorwaarde dat dit nie in teenstelling is met die Islamitiese Wet

nie. God, *Die Leidsman* en *Die Raadgewer* moedig sekere dinge aan sonder om dit te beveel, en Hy ontmoedig sekere dinge sonder om dit prontuit te verbied. Al hierdie opdragte, gesamentlik, vorm die Wet van Islam.

As ons in ag neem dat daar sekere dinge is wat die Islamitiese Wet eenvoudig as "toelaatbaar" beskou, beteken dit dus dat daar vyf basiese beslissings is vir elke menslike aksie:

1. Verpligtend
2. Aangemoedig
3. Toelaatbaar
4. Ontmoedig
5. Verbode

God is die bron van die Islamitiese Wet. Ons gehoorsaam hierdie Wette omdat God ons beveel om dit te gehoorsaam. Ons word aangemoedig om die Wysheid agter hierdie Wette te probeer verstaan, maar daar word van ons verwag om dit te gehoorsaam selfs al sou ons dit nie verstaan nie. Begrip en insig word as 'n bykomstige gawe beskou.

Byvoorbeeld: Om varkvleis te eet is deur God verbied. Ons weerhou ons daarvan om hierdie eenvoudige rede, en nie omdat ons ook die wetenskaplike kennis dra van die feit dat dit verskeie unieke siektes oordra, of dat dit die mees ongesonde vleis is nie. Selfs al sou wetenskaplikes dit regkry om geneties varke te teel wat 'siekte-vry' is en verklaar word as die mees gesonde vleis op die mark, sou dit steeds deur God verbode wees.
(Hier is dit baie belangrik om te weet dat, indien 'n persoon se lewe in gevaar is en daar is geen alternatiewe voedsel om te oorleef nie, sou dit NIE vir hom/haar sondig wees om dit te eet nie.)

Die bron van die Islamitiese Wet is die Qur'an en die Sunnah. God beskou dit as politeïsme indien 'n geestelike leier Sy bevele en gebooie sou verander en wettig verklaar wat God as onwettig verklaar het (sien voetnota 18).

In hierdie wêreld het slegs God die reg om te besluit wat goed, en wat sondig is. In die Hiernamaals het slegs God die Mag en die Wysheid om die wie goed gedoen het te beloon, en om díe wie gesondig het te bestraf.

## 15. VOORGESKREWE KLEREDRAG IN ISLAM

Islam bevorder kuisheid en poog om onsedelikheid en sedeloosheid uit die gemeenskap te verwyder. Een van die maniere waarop dit aangepak word is deur die voorskrif van beskeie kleredrag. Islam stel die standaard van ordentlikheid vas vir mans en vroue.

In die meeste westerse lande is daar wette wat defineer wat presies dit is wat as 'ordentlik' beskou word. In die meeste gevalle sluit dit slegs die bedekking van 'n man se privaatdele en 'n vrou se privaatdele en borste in. Indien daar nie aan hierdie basiese vereistes voldoen word nie, kan so 'n persoon aangekla word van onbetaamlike blootstelling. Die rede wat aangehaal word vir die verskil in vereistes tussen mans en vroue, is eenvoudig die verskil in hul anatomie.

Islam skryf 'n meer konserwatiewe minimum kleredrag voor vir beide mans en vroue. In Islam word daar van beide mans en vroue verwag om eenvoudig, beskeie en met waardigheid hulsel te beklee. 'n Man moet ten alle tye geklee wees vanaf sy naeltjie tot by sy knieë, in 'n los kledingstuk wat nie sy vorm onthul nie. Hierdie is die absolute minimum bedekking vir 'n man.
Hy mag byvoorbeeld **gladnie** in die publiek verskyn as hy net 'n kort swembroekie aanhet nie.
Wanneer 'n Muslim vrou haar huis verlaat moet sy **ten minste** haar hare en haar lyf bedek in lospassende klere wat nie die kontoere van haar lyf onthul nie. Party vroue verkies ook om hul gesigte en hande te bedek.

Die wysheid agter hierdie voorgeskrewe kleredrag is om seksuele versoeking en agteruitgang van 'n gemeenskap te minimaliseer, vir beide mans en vroue. Gehoorsaamheid aan

hierdie voorskrifte is gehoorsaamheid aan God. Islam verbied enige seksuele aanloklikheid buite die huwelik, maar moedig dit aan tussen man en vrou binne die huwelik, en in die privaatheid van hul wonings.

Sekere westerse waarnemers het aangeneem dat die hoof bedekking van 'n vrou bedoel is om haar ondergeskiktheid aan die man te toon. Hierdie kan nie verder van die waarheid verwyder wees nie. In Islam word 'n vrou wat so aantrek baie hoog geag en gerespekteer. Deur haar beskeidenheid verwerp sy seksuele diensbaarheid. Die boodskap wat 'n Muslim vrou aan die wêreld oordra wanneer sy op die voorgeskrewe manier aantrek is: "Respekteer my vir wie ek is. Ek is nie 'n seksuele voorwerp nie."

Islam leer dat die gevolge van onsedelikheid nie net op die individu rus nie, maar ook op die gemeenskap wat mans en vroue toelaat om vryelik te meng, hulself ten toon te stel, en met mekaar te kompeteer in verleidelikheid en seksuele aanloklikheid. Hierdie gevolge is geweldig belangrik en kan nie net geïgnoreer word nie.

Om vroue te verander in seksuele voorwerpe vir die genot van mans is NIE 'bevryding' nie. Inteendeel, dit is 'n ontmensliking en beslis onderdrukking van vroue, en word verwerp in Islam. Die 'bevryding' van 'n Muslim vrou is dat sy geken word aan haar karakter eienskappe, en nie aan die manier wat sy haar fisiese einskappe ten toon stel nie.

Vanuit die Islamitiese oogpunt is westerse vroue – wie dikwels bekommerd is oor hul skoonheid, hul figure en hul jeug vir die plesier van andere – vasgevang in 'n vorm van slawerny.

## 16. VROUE IN ISLAM

Man en vrou is gelyk voor God. Beide moet aan God verantwoording doen. Hulle sal beide in gelyke mate van God af

hul beloning vir hul geloof en goeie dade in die Hienamaals ontvang.

Die huwelik word sterk aanbeveel en is beide 'n wetlike ooreenkoms, en 'n heilige verbond.
Islam beskou elke vrou, getroud of ongetroud, as 'n individu in eie reg. Sy het dieselfde reg om vaste eiendom te besit, om haar eie inkomste te verdien, en om dit te spandeer soos sy wil – net soos 'n man. Haar rykdom word nie die eiendom van haar man indien sy sou trou of skei nie. 'n Vrou het die reg om haar eie huweliksmaat te kies, en as sy getroud is, behou sy haar nooiensvan uit respek vir haar afkoms. 'n Vrou mag 'n egskeiding aanhangig maak indien haar huwelik nie uitwerk nie.

Ekonomies is elke man en vrou 'n onafhanklike, wetlike entiteit. Beide mans en vroue mag hul eie eiendom besit, handel dryf, en erf vanaf andere. Beide het 'n gelyke reg om 'n opvoeding te ontvang en winsgewende indiensneming te aanvaar – solank as wat Islamitiese beginsels nie oortree word nie.

Dit is verpligtend vir elke Muslim, man of vrou, om kennis in te win. Die tipe kennis waarop die meeste klem gelê word is kennis oor die geloof. Dit word ook verwag van elke gemeenskap om professionele beroepsvroue en mans beskikbaar te hê in alle sektore soos medies, onderwys, berading, maatskaplike werk en ander belangrike beroepe, vir die voordeel van die gemeenskap. Indien daar 'n tekort is aan gekwalifiseerde persone in 'n spesifieke rigting, kan mans of vroue verplig word om opleiding te ontvang in daardie area sodat daar voorsien kan word in die Muslim gemeenskap se belange. Onder sulke omstandighede moet die riglyne van Islam gehandhaaf word.

Vroue word aangemoedig om kennis oor Islam in te win. Hulle word ook aangemoedig om die rigting waarin hulle hulself akademies beywer binne die raamwerk van Islam na te streef, en sodoende hul intellektuele nuuskierigheid te bevredig. Om enige persoon te verhoed om 'n opvoeding te kry is in teenstelling met die leeringe van Islam.

'n Man is verantwoordelik vir die onderhoud en beskerming van sy gesin. Dit is sy verpligting om te voorsien in al die basiese benodighede soos behuising, voeding en kleding van sy vrou en kinders, en waar nodig ook die ander vroulike gesinslede. Al is 'n vrou getroud, is hierdie nie haar primêre verantwoordelikheid nie. Die Profeet Muhammadᵖ het gesê: die gelowige met die beste maniere teenoor sy vrou, het die mees perfekte geloof.

## 17. MANLIKE CHAUVINISME IN DIE MUSLIM GELEDERE

Baie mense beskou Islam as 'n chauvinistiese geloof wat vroue verkleineer. Hulle meld die omstandighede van vroue in "sekere Muslim lande" om hul punt te staaf[19]. Die fout wat sulke mense maak is om nie onderskeid te tref tussen die kultuur van die mense, en die ware leerstellings van die geloof wat hulle bely nie.

Dit is skrikwekkend dat daar vandag nog steeds soveel onderdrukking van vroue bestaan in vele kulture dwarsoor die wêreld. In baie derde-wêreld lande leef vroue onder haglike omstandighede. Hulle word oorheers deur mans en ontneem van hul basiese menslike regte. Hierdie omstandighede kom nie net voor in Muslim lande nie, en is ook nie van toepassing op alle Muslim lande nie.

Islam veroordeel hierdie onderdrukking. Dit is 'n tragiese onbillikheid dat hierdie kulturele gebruike geblameer word op die geloof, wanneer die leerstellings van hierdie geloof die teenoorgestelde verkondig. Die leerstellings van Islam plaas 'n duidelike verbod op die onderdrukking van vroue, en lê klem op die feit dat man en vrou gelyke reg tot respek het. Ongelukkig word die kulturele gebruike in sekere dele van die wêreld waar vroue onderdruk word, verkeerdelik toegeskryf aan Islam.

---

[19]Ongelukkig beteken 'n "Islamitiese land" nie noodwendig dat die regering óf die inwoners die Islamitiese Wet (Shari'ah) navolg nie.

Vroulike geslagskending (vroulike besnydenis) is 'n gruwel en is absoluut verbode in Islam. Dit is ongelukkig so dat sekere etniese groepe aangehou het met hierdie gebruike self nadat hulle Islam aanvaar het, nieteenstaande die feit dat dit verbied word in Islam. Dit het veroorsaak dat party mense steeds aanneem dat dit deel is van Islam. Vandag, soos wat hierdie mense 'n beter begrip ontwikkel van Islam, is hulle besig om van hierdie gruwelike heidense gebruike afstand te doen. In Kenia is dit byvoorbeeld die Muslims wat **NIE** vroulike besnydenis toepas nie.

Manlike besnydenis aan die ander hand is duidelik 'n Islamitiese gebruik en was 'n instruksie van al God se Profete en Boodskappers$_P$, insluitende Abraham$_P$. Daar mag nie enige verwarring bestaan aangaande die verbode gebruik van vroulike geslagskending, en die aanbevole gebruik van manlike besnydenis nie.

Nog 'n afgryslike gebruik is "ere-moord/ere-slagting" – wanneer 'n man 'n vroulike familielid vermoor omdat hy voel dat sy hom, of sy gesin, in die skande gesteek en verneder het deur haar gedrag. Hierdie gebruik, alhoewel dit baie skaars is, kom steeds voor onder sekere groepe in die Indiese Subkontinent, die Midde Ooste, en 'n paar ander plekke. Dit word ronduit beskou as moord in Islam. Dit is nie toelaatbaar vir enige iemand om 'n ander persoon te vermoor weens 'n 'gevoel' van eer nie. Hierdie gevalle kom ook nie eksklusief voor in "Islamitiese lande" nie, en dit is 'n duidelike oortreding van die Islamitiese Wet. Net so word rassisme, seksisme, en alle ander vorms van bevooroordeeldheid en oordeel ook verbied in Islam.
Dit is so dat geforseerde huwelike ook in baie tradisionele kulture plaasvind. Hierdie is ook 'n gebruik wat verbied word in Islam. In die tyd van die Profeet Muhammad$_P$ was daar ook vaders wat hulle dogters in huwelike in forseer het. Toe hierdie vroue by die Profeet$_P$ gaan kla het daaroor het hy hul huwelike nietig verklaar en aan hulle die opsie gegee om hul huwelike te beëindig. Daardeur het hy duidelike riglyne neergelê in die Islamitiese Wet

aangaande die vryheid van keuse in die huwelik, en vir eens en vir altyd hierdie onaanvaarbare gebruik tot 'n einde geroep. Ongelukkig vind dit steeds plaas in baie dele van die wêreld – insluitende "Islamitiese lande". Alhoewel hierdie gebruik onwettig is in amper alle lande, is daar steeds vroue in tradisionele gemeenskappe wat óf nie bewus is van hul regte nie, óf te bang is om hul regte op te eis.

Al hierdie gebruike is teen die Wet van Islam. Dit is die verantwoordelikheid van alle Muslims om seker te maak dat hierdie gebruike uitgeroei word uit hulle gemeenskappe uit. Dit is so dat Islam verdraagsaam is met betrekking tot kultuur verskille, en nie van mense verwag om van hul kultuur identiteit afstand te doen wanneer hulle Islam aanvaar nie. Maar, wanneer hierdie kulturele gebruike die Wet van Islam weerspreek of die mense ontneem van hul God-gegewe, onteenseglike menseregte of vryheid van keuse, word dit 'n geloofs**verpligting** om van hierdie gebruike afstand te doen.

## 18. ISLAM, OORLOG EN JIHAD

Die Qur'an maak dit baie duidelik dat dit toelaatbaar is vir mense om hulself te verdedig indien hulle aangeval word. God sê, *"Veg in die weg van God, daardie persone wie julle beveg, maar moet nie die perke oorskry nie. God het nie die oortreders van Sy perke lief nie."* [Qur'an Hoofstuk 2:190]
God sê voorts, *"En waarom veg julle dan nie in die weg van God en hulle wie, weens magteloosheid, onderdruk word nie? Mans, vroue en kinders wie se smeking is: O Heer! Red ons van hierdie stad waarvan die inwoners onderdrukkers is, en skenk aan ons van U af een wie ons sal beskerm, en skenk vir ons van U af een wie ons sal help."* [Qur'an Hoofstuk 4:75]

Die Qur'an maak dit ook baie duidelik dat dit NIE toelaatbaar is om die ander party aan te val
indien die hulle sou afsien van aggressie nie. God sê, *"Maar, indien hulle staak, God is Die Vergewensgesinde, Die Genadige.*

*En beveg hulle totdat daar geen meer oproerigheid en onderdrukking is nie, en totdat reg geskied en daar geloof in God is. Maar, indien hulle staak, laat daar dan geen vyandskap wees behalwe teenoor díe wie steeds onderdruk nie."* [Qur'an Hoofstuk 2:192 – 193]

Dit is toelaatbaar om te veg teen onderdrukking en vervolging Dit is nie net van toepassing op Islam en Muslims nie, want almal het die reg om God te aanbid. God sê, *"Aan hulle teen wie daar oorlog gevoer word, word toestemming verleen [om terug te veg], want hulle is verontreg en voorwaar, God is die Mees Magtige helper. [Hulle is] Diegene wie uit hulle huise verdryf is ten spyte van dit wat reg is [sonder billike rede], behalwe dat hulle sê, 'Ons Heer is God.' Indien God nie toegelaat het dat een groep mense 'n ander verdryf nie, sou hulle beslis die kloosters kerke, sinagoges en moskees gesloop het – plekke waarin die Naam van God in oorvloed herdenk word."* [Qur'an Hoofstuk 22:39 – 40]

Dit is duidelik dat Muslims moet veg om mense van ALLE gelowe te beskerm indien diesulkes in die area is wat onder die beskerming van die Muslims val. Die lewe, eer en eiendom van alle mense word as heilig geag – of hulle Muslim is of nie. Alle mense moet die vryheid geniet om God te aanbid. **Hulle moet vry wees om hul eie keuses te maak**. God, *Die Beskermheer van Geloof*, sê uitdruklik, *"Daar is geen dwang in geloof nie."* [Qur'an Hoofstuk 2:256]

Dit bring ons by die konsep van Jihad. Die woord Jihad beteken letterlik "strewe", of om iets ywerig en met inspannig aan te pak Hierdie verwys na ENIGE groot poging – nie net na oorlog nie Jihad kan selfs wees om NIE te veg nie, of om jou eie vleeslike begeertes en sondige neigings te probeer oorkom. Dit kan selfs 'n Jihad wees om vrede te maak.

**Daar bestaan nie so ding soos "Heilige Oorlog" in Islam, of in die Qur'an nie!** Hierdie is 'n foutiewe vertaling van die woord. Heilige Oorlog word gevoer om andere te dwing om hulle aan jou geloof te onderwerp. Dit word uitdruklik verbied in Islam.

'n Oorlog kan 'n Jihad wees, maar onder watter voorwaardes? Muslims veg uit selfverdediging, maar ander doen dit ook. Wat maak van hierdie geveg 'n Jihad? Die antwoord is dat 'n oorlog slegs 'n Jihad is wanneer dit geveg word uit gehoorsaamheid aan God en volgens die voorskrifte van die Goddelike Wet. Dit is NIE 'n Jihad indien daar geveg word vir rykdom, nasionalisme, grondgebied, eer, ras en so meer nie. Jihad besit 'n sterk beginsel van selfbeheersing – ongekend in enige ander vorm van oorlogvoering.

In die lewe van Profeet Muhammad*P* vind ons 'n praktiese voorbeeld van hoe 'n Jihad gevoer moet word. Toe Muhammad*P* op 'n vredeliewende manier die mense van Makkah uitgenooi het om Islam te aanvaar was daar sterk teenkanting. As gevolg van hulle geloof in Een God, was Muhammad*P* en sy volgelinge ernstig vervolg, gemartel, en verdryf. Hulle was van hul grond onteien, streng sanksies was teen hulle ingestel en ván hulle is doodgemaak. Ten spyte hiervan het die Muslims nie afgewyk van die Islamitiese beginsels van vrede, geweldloosheid, en passiewe verset nie. Nadat Muhammad*P* tien jaar lank Islam aan sy mense geleer het, het verskeie leiers van Makkah saamgespan en 'n komplot gesmee om 'n sluipmoord te pleeg op die Profeet*P* van God. Die Engel Gabriël*P* het die Profeet*P* van hierdie komplot ingelig. Op die nag toe die sluipmoord veronderstel was om plaas te vind, het Muhammad*P* uit Makkah na Madina gevlug. Sy sluipmoordenaars het hom dae lank agterna gesit[20].

Die omstandighede het aangehou om te vererger, en die Muslims was geforseer om te migreer. Hulle was openlik uitgenooi om te emigreer na Madina, 'n stad in die noorde, waar Muhammad*P* juigend verwelkom is as die Boodskapper van God, en die leier. In Madina was die eerste Islamitiese gemeenskap

[20]Hierdie reis wat deur Muhammad*P* gemaak was staan bekend as die Hijra, en merk die begin van die Islamitiese kalender. Die Islamitiese kalender het twaalf maande, en elke maand begin sodra die sekelmaan gesien kan word. Hierdie gebruik vergelyk met die Hebreeuse kalender wat ook bestaan uit twaalf maanmaande, en op dieselfde manier gereken word.

gevestig, en van daar af het die Profeet[P] aangehou met s roeping om andere na Islam te roep op 'n vredeliewende wyse.

Die alliansie in Makkah was daarop uit om Islam, Muhammad en sy monoteïstiese leerstellings uit te roei. Verskeie groc militêre veldtogte is gevoer deur die leërs van Makkah teel Madinah met die doel om die Muslims uit te wis. Toe die goed toegeruste leërs van die aanvallers op die horison stellin ingeneem het, by verre in die meerderheid, het God, *Die Wyse* vir die eerste keer aan die Muslims toestemming gegee or hulself en hul geloof te verdedig in Jihad. Die heidense leërs va Makkah was verslaan deur die Muslims wat by verr minderwaardig was in getal en toerusting, maar hulle wa geseënd met geloof.

Nadat die alliansie van Makkah besef het dat oorlog nie di moeite werd was nie, het die Muslims 'n vredesverdrag met hull geïnisieer wat onderteken was deur die leiers van Makkah en di Profeet Muhammad[P]. God verwag van Muslims om ten alle ty vrede te probeer bewerkstellig. Hierdie vredesverdrag he teweeg gebring dat ongewapende Muslims die Pelgrimstog n die Ka'bah in Makkah (wat deur Abraham[P] gebou is) kon aflê Maar, hierdie tydperk van vrede was vir die leiers van Makka kommerwekkend, want hulle het toegekyk hoe die Muslims s getalle vinnig aangroei.

Deur nog 'n komplot van verraad te smee het die alliansie va Makkah vele Muslims in 'n lokval gelei en hulle vermoor – en hu vredesverdrag met die Muslims verontagsaam sodat hulle ' einde kon bring aan die vrede, en Islam.

Na hierdie verontagsaming van die vredesverdrag deur di alliansie van Makkah is die verse in die Qur'an geopenbaar wa die Muslims beveel om Jihad te voer teen hierdie tirannie Snaaks genoeg – die Makkans wou nie betrokke raak in 'n geve nie. Muhammad[P] het nederig die stad van Makkah binne gegaan en sonder om wraak te neem het hy 'n algemene kwytskeldin geoffer en almal vergewe. Die Muslims het sonder enig

bloedvergieting die stad van Makkah verower. Hulle het die stad in vrede ingegaan en die Ka'bah gesuiwer en alle gode wat daarin was verwoes.

Muhammad<sub>P</sub> het alle onderdrukking, onregverdigheid, en dwang in geloof verbied, en het nie toegelaat dat enige deure oop geforseer kon word nie. Hy het sy grootste vyande vergewe, selfs die wie hom vervolg het en lede van sy gesin vermoor het. Hierdie is Muhammad<sub>P</sub>, die ware voorbeeld van Islam, die toppunt van menslikheid, en 'n duidelike voorbeeld van Jihad.

Hier volg 'n verdere opklaring van die manier waarop daar geveg was in Islam:
Die Profeet<sub>P</sub> het dit ten sterkste verbied om enige nie-strydende te dood. Ibn 'Umar, 'n metgesel van die Profeet<sub>P</sub> het gesê, "Ek het die lyk van 'n vrou gesien tydens een van die veldslae van die Profeet<sub>P</sub>. Daarna het hy dit verbied om enige vroue of kinders te dood." [Boek van Al-Bukhari en Muslim]

Rabah Rabi was nog 'n metgesel van die Profeet<sub>P</sub>. Hy het die volgende getuienis gelewer van iets wat gebeur het tydens een van die veldtogte: "Ons was saam met die Boodskapper<sub>P</sub> van God tydens 'n veldtog. Ons het mense sien saamdrom. Ons het 'n man afgevaardig om te gaan navraag doen oor die rede vir die samedromming. Die man het terug gekeer en gesê dat hulle om die lyk van 'n vrou staan. Khalid Al Walid het die magte gelei. Die Profeet<sub>P</sub> het 'n man afgevaardig na Khalid met die boodskap: 'Sê vir Khalid dat hulle nie vroue en werkers [burgerlikes] mag doodmaak nie'." [Boek van Sunnah – Abi Dawud]

God se Boodskapper<sub>P</sub> het altyd die volgende woorde gesê wanneer hy magte uitgestuur het om te veg: "Gaan voort in die Naam van God. Moet nie 'n bejaarde, of 'n kind, of 'n vrou doodmaak nie, en moet nie die perke oorskry nie." [Boek van Muwatta]

Uit al hierdie verwysings is dit duidelik sigbaar wat die posisie oor terrorisme in Islam is.

**Terrorisme is teen alle beginsels van Islam.** Terrorisme is vorm van oorlogvoering waartydens onskuldige mense spesifi geteiken word met die doel om vrees in die gemeenskap in boesem. Dit is duidelik uit die vorige aanhalings dat, selfs tyde oorlogvoering wanneer Muslims hulself verdedig teen aggressiewe vyand, dit nooit toelaatbaar is om onskuldi burgerlikes te teiken, om plantegroei te beskadig, om bome beskadig, of om vee te beskadig nie. Al hierdie dinge wo streng verbied in die Islamitiese Wet, asook in die voorbeeld w die Profeet Muhammad^P^ self gestel het. Om 'n onskuldi persoon dood te maak is moord, en dit is 'n misdaad teen G en die mensdom, **selfs al is dit tydens 'n tyd van oorlog.** 'n Persoon wie doelbewus die dood van onskuldige mens veroorsaak is 'n moordenaar, en verdien beslis die straf moord. Terrorisme word absoluut verbied in Islam, en d Islamitiese Wet verwerp die veronderstelling dat 'n onwetti taktiek ooit 'n positieve resultaat kan meebring.

Dwarsdeur die geskiedenis van Islam staan die gedrag va Muslims, wie die Qur'an en die Sunnah van die Profe Muhammad^P^ nagevolg het in tye van oorlog, duidelik uit as voorbeeld. Hulle gedrag teenoor andere was alty navolgenswaardig. Abu Bakr, 'n metgesel van die Profe Muhammad^P^ en die eerste Kalief (opvolger en leier) wat na hor gekom het, het 'n leër na Sirië gestuur om teen die aggressiew Roomse magte te gaan veg. Hy het uitgegaan om hulle aan t moedig en gesê: "Julle sal 'n groep mense teëkom wie hulse daaraan toegewy het om God te aanbid (die monnike), so la hulle toe om te doen waarmee hulle besig is."

Toe Umar, 'n metgesel van die Profeet Muhammad^P^, en di tweede kalief, die Romeinse magte uit Jerusalem uitgedryf he was die Muslims verwelkom as bevryders. Selfs al het di Muslims die lande verower, was hulle nie toegelaat om die lan se inwoners as vyande te beskou nie. Hulle enigste vyande wa die Romeinse magte wie hulle aanhoudend aangeval het. To Umar die stad van Jerusalem as 'n veroweraar betree het, het h dit met nederigheid gedoen. Sonder om streng terme voor t

skryf aan die mense, het hy 'n verdrag met hulle gesluit waarin hy die inwoners van Jerusalem, wie oorwegend Christene was, veiligheid en vryheid van vervolging belowe het.
Die volgende is 'n uittreksel uit hierdie verdrag: "Hierdie is wat Umar, die bevelvoerder van die getroues, aan die mense offer in vrede. Hy skenk aan hulle veiligheid van hul persone, hul kerke, en hul kruise... Hulle kerke sal nie gesluit word of verwoes word nie. Niks sal van hulle af verwyder word, of van hul kruise af verwyder word nie. Hulle sal nie geforseer word om hulle geloof prys te gee nie, en nie een van hulle sal mishandel word nie."

Om net weer te herhaal – Die konsep van 'n "Heilige Oorlog" bestaan nie in Islam nie. Oorlog is afskuwelik en kan nooit as "heilig" beskou word nie. Muslims mag onder geen omstandighede hulle geloof op andere afdwing nie. Die woord "Jihad" beteken "strewe." Hierdie strewe kan militêr van aard wees. Indien dit wel so is, is daar 'n duidelike verskil tussen Jihad en oorlog. Jihad kan nooit gevoer word vir wêreldse gewin, vir verowering, of uit wraak nie. Muslims moet veg om hulle vryheid om God te aanbid te verdedig indien hierdie vryheid kragdadig aangeval word. Hulle mag nooit onskuldige mense aanval nie, selfs as hulle self aangeval word.
Enige persoon wie hierdie vasgestelde beginsels van die Islamitiese Wet teëgaan, veg in teenstelling met die Islamitiese beginsels. Dit is belaglik vir enige persoon om so 'n geveg 'n Jihad te noem – 'n woord wat beteken "strewe vir die doel van Islam." Oor die algemeen is sulke mense moordenaars, en in die lig van die Islamitiese Wet moet hulle soos moordenaars behandel word.

## 19. WETENSKAP EN TEGNOLOGIE

Een van die kenmerke van Islam is die totale harmonie daarvan met die wetenskappe. 'n Muslim beskou teenstrydigheid tussen wetenskaplike feite en geloof as 'n onmoontlikheid. God is *Die Begin* en *Die Einde* - die *Enigste Skepper* van die Heelal, en *Die Gewer* van geloof.

Dit is dus onmoontlik vir geloof en die wetenskappe om mekaar te weerspreek.

'n Muslim glo dat daar 'n natuurlike verduideliking gevind kan word vir elke verskynsel in God se Skepping – vanaf die vorming van sterre en sterrestelsels, tot by die ontstaan en diversiteit onder verskillende spesies. 'n Muslim het nooit nodig om staat te maak op wonderwerke vir die verduideliking van natuurlike verskynsels nie. 'n Muslim glo dat wonderwerke spesifieke gevalle is waar God afwyk van Sy Eie natuurlike Wette sodat Hy een van Sy Profete kan help, of sodat Hy gebede kan beantwoord. 'n Mens hoef jouself nooit te wend tot bonatuurlike verduidelikings sodat jy die natuurlike wêreld kan verduidelik nie. Dit is ook nie nodig om jou eie menslike onkunde aangaande die wetenskap te probeer wegsteek deur natuurlike verskynsels te probeer toeskryf aan wonderwerke nie.
Daar was nog nooit 'n wetenskaplike feit, of 'n **gegronde** wetenskaplike teorie wat die leerstellings van Islam weerspreek het nie. Wat ookal die wetenskappe onthul,vergroot slegs ons kennis aangaande die Roemryke Skepping van God. Dit is waarom Islam wetenskaplike studies aktief aanmoedig, en waarom die Qur'an die mens beveel om God se tekens in die natuur te bestudeer. Trouens, die Qur'an bevat vele ongelooflike wetenskaplike verwysings wat, met behulp van moderne tegnologiese ontwikkelinge, eers onlangs verstaan kon word.

Islam laat ook toe dat die mens die vrugte van menslike vernuftigheid ten volle kan benut. Ons word aangespoor om ons wêreld te verbeter. Islam verwelkom dus tegnologiese vooruitgang. Tegnoligie kan gebruik word vir 'n goeie doel, sowel as vir 'n slegte doel, maar tegnologie self is neutraal. Dit is ons verantwoordelikheid om die kennis waarmee God ons geseën het te gebruik tot die voordeel van die mensdom.

In die vroeë dae van Islam, toe die mense nog baie streng volgens die beginsels van Islam geglo en geleef het, was daar 'n bloeityd in die wetenskappe, kulture, handel, en tegnologie. Studente in die Islamitiese wêreld het navorsing gedoen, en hoë

hoogtes bereik in die rigtings van wiskunde, skeikunde, fisika, geneeskunde, sterrekunde, argitektuur, kuns, letterkunde, aardrykskunde, geskiedenis en so meer. Muslim wetenskaplikes het die magnetiese kompas, die astrolabium (sterrehoekmeter), en die klok pendulum uitgevind - om maar net 'n paar te noem. Vele kritiese sisteme soos algebra, die Arabiese getalle (wat vandag steeds gebruik word) asook die konsep van "zero" (wat absoluut deurslaggewend was in die vordering van wiskunde) was deur Muslim skoliere aan Europa voorgestel in die Middeleeue. Die leerstellings van Islam het 'n wetenskaplike gewaarwording teweeg gebring wat uiteindelik die Europese Renaissance aangevuur en aangedryf het. Dit was eers nadat die mense begin afwyk het van die oorspronklike leerstellings en beginsels van Islam, dat wetenskaplike vooruitgang en prestasie in die Muslim wêreld opgehou het en verval het in onbekendheid.

## 20. FUNDIMENTALISME EN TERRORISME

Fundamentalisme se oorsprong lê in die stamwoord "fundare" wat " 'n basis of grondslag" beteken. Die definisie van fundamentalisme met betrekking tot geloof is "geloofsopvattings gegrond op 'n letterlike interpretasie van die Skrifte."

Indien jy vandag aan 'n westerling sou vra wat die eerste ding is wat in sy gedagtes opkom wanneer hy die woord MUSLIM hoor, sou die antwoord dikwels "TERRORIS!" wees. Die feit dat die woorde MUSLIM en TERRORIS dikwels gepaar word in die media kan beslis die rede hiervoor wees.

Dit is ooglopend dat, indien 'n Christen of 'n Jood verantwoordelik is vir 'n terreur aanval, dit nie in die media genoem sal word dat die persoon 'n Christen-terroris of 'n Joodse-terroris is nie. Net soos wat Jim Jones (wie daarop aanspraak gemaak het dat hy 'n verteenwoordiger van Christus was) nie gereken kan word as verteenwoordigend van Christendom nie, so-ook kan terroriste nie gereken word as verteenwoordigend van Islam nie.

Daar is twee frases wat dikwels afwisselend gebruik word – hulle is "Muslim terroris" en "Muslim fundamentalis." Die frase "Muslim terroris" is 'n oksimoron; **'n Persoon wie Islam streng navolg kan NIE 'n terroris wees nie.** Indien ons sou verwys na die betekenis van die woord "fundimentalisme," sal dit baie duidelik word dat hierdie twee frases verkeerdelik, en met opset afwisselend gebruik word, en dat hulle eintlik die teenoorgestelde betekenisse het.

'n Ware Islamitiese fundamentalis is iemand wie die beginsels van Islam streng navolg – beginsels wat duidelik gedefineer is deur die Qur'an en die Sunnah (leerstellings en leefwyse) van die Profeet Muhammad[P]. Hierdie is die absolute **teenoorgestelde** van die algemene gebruik van die frase "Islamitiese fundementalis." Binne die raamwerk van ware Islamitiese fundementalisme sal 'n mens **NOOIT** misdade teen die mensdom, afskuwelike dade van haat, politieke moorde, terrorisme, onderdrukking, of fanatiese geloofs-ekstrimisme kry nie. Binne hierdie raamwerk sal niemand ook geforseer word om jou geloof te aanvaar nie. Al hierdie dinge is streng verbode in Islam. Muhammad[P] was die toppunt van grootmoedigheid en barmhartigheid teenoor die mensdom.

Wanneer dit by die media kom word die soeklig geplaas op dramatiese moordenaars, en daar word aanhoudend na hulle verwys as "Islamitiese fundementaliste." Hierdie is in totale teenstryd met 'n **opregte** Muslim fundementalis wie sy geloof beoefen volgens die ware voorskrifte. Dit is 'n tragedie dat vele mense 'n ongelooflike en ongegronde vrees het vir Islam, en dit wat hulle beskou as die fundamentele geloofsopvattings van Islam. Sedert die tyd van die "Kruistog" is daar steeds mense wat 'n aggressiewe en vyandige standpunt inneem teenoor Islam.

Dit is kommerwekkend wanneer 'n mens koerant berigte lees, of na 'n uitsending luister, waar 'n teks uit die Qur'an geheel en al uit konteks aangehaal word, en waar dit dan gebruik word om

vrees en verdeeldheid onder mense te saai[21]. Die wanvertolking en verwringing van enige geestelike teks is veragtelik – of dit nou gedoen word deur 'n "terroris" of 'n "evangelis". Vrees-handelaars wie die beginsels van 'n geloof wanvertolk en wanvoorstel sodat hulle vrees, vervreemding en haat tussen mense kan bewerkstellig is 'n ander tipe terroris. Terrorisme kan fisies, emosioneel of sielkundig van aard wees. Die minste wat elke mens kan doen in hul poging om alle vorms van terrorisme teen te staan, is om hulself in te lig aangaande die geloofsbeginsels van andere. Hierdie word as die mens se plig beskou.

Ongelukkig is dit so dat polarisasie propaganda genadeloos gebruik word in vandag se sensasie-media, en dit word aangedryf deur die vrees wat gekweek word teen hierdie "vreemde en onbekende" geloof. Vandag se massa-media, wat deur 'n klein groepie beheer word, kom voor asof dit die mees nagevorsde, verfynde en magtige instrument ooit is om die enslike verstand te beheer en gebruik te word as 'n instrument om "wêreld-opinie" te vorm. Vervreemding is besig om toe te neem. Dit kom voor asof elke regering vyande nodig het om sy militêre mag te regverdig en om "nasionale eenheid" te bevorder. Tydens die Koue Oorlog was "kommunisme" gesien as "die vyand". Vandag vind die Muslims hulself gegiet in die rol van "die vyand."

Dwarsoor die wêreld is dit vandag so dat daardie groepie Muslims wie die ware beginsels van Islam beoefen besig is om 'n "bedreigde spesie" te word. Soos wat Muslims sukkel om hul geloof te beoefen, is daar vele onder hulle wie uitgedaag word en beveg word – nie net deur hul eie regerings of westerse regerings nie, maar hulle bevind hulself ook in die spervuur tussen sekulariste en kleingeestige ekstrimiste. Die subjektiewe

---

[21]In Matteus 10:34 word Jesus^P aangehaal waar hy gesê het: "Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op aarde te bring nie; Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard." Hierdie aanhaling verduidelik die gevaar daarvan om 'n teks uit verband uit aan te haal sonder dat die breër, edele en pragtige boodskap van Jesus^P verstaan word. Diegene wie enige geloof wil belaster deur te "sny en plak," en sodoende die boodskap te verdraai mag dalk, ongelukkig, slaag in hulle doel.

korporatiewe media soeklig skyn nie op die ware Islamitiese fundementalis nie.

**Drukkoker:** Daar is vandag miljoene mense wat onder groot onderdrukking moet leef. Hulle toekoms lyk hopeloos terwyl hulle gesinne en tuistes verwoes word deur vernederende ongeregtigheid en geweld. Wanneer sulke omstandighede geïgnoreer word, of aanskou word in gevoellose afsydigheid deur die res van die wêreld, kan, en sal dit 'n desperate woede ontlok wat bo enige kultuur of geloof staan.

Hierdie is toestande waarin baie Muslims hulself vandag vind. Hulle het geen hoop meer nie, en geen vertroue in die wanfunksionele opsies wat voor hulle geplaas word nie. Uit desperaatheid soek hulle na verligting en geregtigheid. Om hierdie rede sien 'n mens al hoe meer van hulle wat bereid is om drastiese stappe te neem in 'n poging om 'n militaristiese en politiese teenkanting te loots.

Selfmoord en die moord van onskuldige burgers is albei verbode in Islam. Diegene in die Muslim Wêreld wie daagliks onder hierdie omstandighede gebuk gaan, en in hierdie "drukkoker" van onderdrukking leef is bereid om enige regverdiging – binne of buite die geloof te soek om hul desperate, geweldadige, en ekstrimistiese dade te regverdig. Indien hulle lank genoeg soek, kry hulle dikwels dit waarna hulle soek, want daar is mense met ekstrimistiese denkwyses in elke geloof. Hulle beoefen nie die ware leerstellings van hul geloof nie, en verteenwoordig ook nie die beginsels van hulle geloof nie.

## 21. OPSOMMING

**ISLAM IS....** 'n Geloof van regverdigheid, vrede, genade en vergifnis. Dit is 'n geloof wat dikwils misverstaan en wanverteenwoordig word. **Islam beteken om jou eie wil aan God, Die Vrede, oor te gee.** Islam is 'n lewenswyse vir enige iemand wat aanvaar dat daar **slegs Een God is, en dat geeneen waardig is om aanbid te word behalwe Hy nie.**

Hierdie wêreld is tydelik, en is 'n toets vir die mens, waarna hy sal sterf en terugkeer na God, *Die Nemer*. Die Hiernamaals is Ewigdurend. God, *Die Lig*, het Profete gestuur vir die leiding van die kinders van Adam$_P$. Onder hulle was Abraham$_P$, Moses$_P$, Jesus$_P$ en Muhammad$_P$ – almal van hulle was Profete van Islam. God het Muhammad$_P$ verkies as Sy finale Profeet en Boodskapper en hom vereer deur die Qur'an deur hom te openbaar. Die Qur'an is die direkte, onveranderbare woord van God. Dit is nie die woord van Muhammad$_P$ nie. Hy was 'n ongeletterde man. God het die Qur'an, saam met die leeringe wat daarin vervat is, vir die mensdom bewaar.

Daar is vyf basiese dade van aanbidding wat 'n Muslim moet offer.
'n Muslim moet:
1. Bevestig dat **daar geen god is wat verdien om aanbid te word behalwe God nie, en dat Muhammad$_P$ die dienskneg en Boodskapper van God is.**
2. Vyf verpligte **gebede** per dag voltooi.
3. Jaarliks sy **porsie vir die armes** betaal.
4. **Vas** tydens Ramadaan.
5. Een keer in sy lewe die **Pelgrimstog** na Makkah voltooi.

Dit is noodsaaklik om Jihad te verstaan. Jihad is 'n "strewe" in die weg van God alleen, en kan dus nie enige Islamitiese beginsels oorskry nie. Terrorisme word onomwonde verwerp deur Islam en kan onder geen omstandighede Jihad genoem word nie.

Menseregte en vryheid van keuse is heilig. In Islam speel vroue 'n baie belangrike rol. Vroue en mans het gelyke regte. Daar word ook verwag dat vroue deur mans geëer sal word.

God meld in die Qur'an dat Hy Islam vir die mensdom vervolmaak het, en sodoende het Hy Sy guns teenoor die mens voltooi. God het aan ons die Lig van Islam geskenk sodat die mensdom na Hom kan terugkeer.

## 22. BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

Wetenskaplikes vertel ons dat daar meer as 120 biljoen sterrestelsels bestaan in die ruimte. Ons weet dat elkeen van ons deur God, *Die Mees Roemryke*, geskape is. Wanneer ek hierdie dinge bepeins, kan ek nie anders as om in nederigheid te staan wanneer ek my ontsaglike nietigheid besef in die lig van God se Almag nie.

Satan het gesweer dat hy die mensdom sal mislei en misverstand, vyandigesindheid, haat en oorlog tussen hulle sal kweek. Dit is my doelstelling om God te behaag deur vrede en insig te bevorder en sodoende my deel te doen om Satan teen te staan.

Die lewe is kort en kosbaar. Dit is tragies om dit te vermors deur tydelike materiële gewin na te jaag, terwyl ons die ware doel van ons skepping - die aanbidding van God alleen - ignoreer. Vele mense spandeer hulle hele lewe om tydelike materiële rykdom te vergader. Deur Islam nooi God ons om ons toe te spits op dit wat ewigdurend en ewig is. Op die Dag van Rekenskap sal ons verantwoordelik gehou word vir die kennis waaroor ons beskik het, en hoe ons hierdie kennis toegepas het. Ons sal ondervra word aangaande ons aanbidding. Dit is nou die regte tyd om die antwoord voor te berei.

Hierdie boek is gebaseer op die lesings wat ek deur die laaste twee dekades oor Islam gegee het. Dit sou nie moontlik gewees het sonder die Genade van God, en die hulp van my broers en susters nie. Ek bedank u as leser vir die tyd en belangstelling om Islam, die geloof van 'n vyfde van die wêreld se populasie, beter te verstaan. Vir verdere inligting aangaande Islam kan u ons kontak op ons webwerf: www.islam-is.com. Ons verwelkom enige vrae, asook u kommentaar en terugvoer vir oorweging in verband met hierdie voortgesette werk. Ek nooi u om enige deel

van hierdie boek, of die hele inhoud daarvan, met andere te deel. Ek vra om vergifnis as ek enige persoon aanstoot gegee het. As gevolg van my passie vir Islam is ek geneig om myself sterk uit te spreek oor my geloof.

Ek heg groot waarde aan persoonlike keuse en respekteer verskille. **Insig en regverdigheid is die weg tot vrede.** Islam word dikwels deur die Weste voorgestel as 'n geloof van verkrampte fanatikuste wat daarop uit is om die wêreld onder dwang te "bekeer." Juis daarom voel ek dat dit van uiterste belang is om my geloof oor te dra in duidelike, ondubbelsinnige taal sodat enige dwaalbegrippe uit die weg geruim kan word.

Mag God ons almal seën met leiding. Enige goed wat uit hierdie boek uit voortspruit, is slegs deur die Welwillendheid van God. Indien ek enige iets gesê het wat nie van hulp was nie, is dit deur my eie tekortkominge. God, *Die Verhewe*, en *Alles Liefhebbende* is perfek.

*"O, Die Alhorende, beskerm ons teen die bose en lei ons na die waarheid."*

Mag vrede met u wees,

Pete Seda



www.islamic-invitation.com